
ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

# Vrye Weekblad

12 April 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: (011) 838-5901 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)



Jakes Gerwel praat sy hart uit - 10

# ANC-oorname dreig in Bop

Spioenkinkel in Eskomkabel - 2

PETER AUF DER HEYDE en CHRISTELLE TERREBLANCHE

**BOPHUTHATSWANA kan binne die volgende drie of vier weke die eerste ANC-regering binne Suid-Afrika se grense hê.**

*Die uitgeweke leier van die Bophuthatswana Progressive Peoples Party (PPP) wat in 1988 'n mislukte staatsgreep gelei het, Rocky Malebane-Metsing, sê hy verwag dat die regering van pres Lucas Mangope binne die volgende maand omver gewerp sal word.*

Die regering sal dan deur 'n ANC-bewind vervang word, sê Metsing. Sy PPP het onlangs met die ANC saamgesmelt, en hy sê hy keer binnekort na Bophuthatswana terug.

Politieke waarnemers meen die opwelling van politieke bewussyn in Bophuthatswana is deel van 'n breër beweging regoor die Transvaal, waardeur steun vir sowel die ANC as vir hereniging van tuislande met Suid-Afrika "soos 'n veldbrand" versprei.

Polisie-optrede in veral die Noord-Transvaal en die Gazankulu-gebiede is volgens inwoners die afgelope maand intens verskerp in 'n klaarblyklike poging om die totstandkoming van progressiewe strukture aan bande te lê.

Gemeenskapsleiers in Venda meen 'n ANC-staatsgreep in dié tuisland met die oog op herinlywing sou onafwendbaar gewees het, was dit nie vir die militêre magsoorname deur kol Gabriel Ramushwana verlede week nie.

Na die Ciskeise bewindsoorname verlede maand was dit reeds duidelik dat die tradisionele tuislandstrukture nie veel langer kan staande bly te midde van die herlewing van politieke aspirasies nie.

Malebane-Metsing het dié week uit ballingskap in 'n buurstaat aan Albany News bevestig dat hy by die ANC aangesluit het nadat Suid-Afrikaanse soldate in 1988 die staatsgreep wat hy gelei het, onderdruk het en hy moes vlug weens sy aktiewe betrokkenheid by pogings om Mangope te onttroon.

Malebane-Metsing sê hy verwag dat die mense van Bophuthatswana die huidige regering omver sal werp voordat die proses van onderhandelings in Suid-Afrika begin. "Ek beplan om in daardie tyd in Bophuthatswana aan te kom en hoewel daar 'n hoë prys op my kop is, verwag ek nie dat Mangope enigiets daaraan sal kan doen nie. Die soldate sal die mense se kant kies", het hy gesê.

Volgens Malebane-Metsing sal hy bereid wees om 'n nuwe regering te lei as die mense hom versoek om dit te doen. "Ek het geen aspirasies om 'n tuisland-regering te

*Vervolg op bladsy 2*

Onskuld en die Buffel - 6 & 7



**Die Edendale-blues - sal die weermag dié seun se toekoms kan beveilig?**

(Foto: Avigail Uzi - Afrapix)

Onderhandeling: Hier is die spanne -12 & 13

## Eskom en Jhb-stadsraad konkel saam

# Spioen-kinkel in Eskom-kabel

JACQUES PAUW

GETUIENIS oor spioenasiebedrywighede van Eskom, wat onder meer besoeke insluit deur intelligensie-amptenare aan Vlakplaas, hoofkwartier van die polisie se moordbende, word aanstaande week in die Johannesburgse Nywerheidshof gelewer.

Volgens Vrye Weekblad se inligting het die intelligensie-afdelings van Eskom en die Johannesburgse Stadsraad mekaar by verskeie geleenthede ontmoet om inligting uit te ruil. Baasspioen Craig Williamson het minstens een keer 'n intelligensie-opleidingskursus van Eskom bygewoon. Hy het met 'n helikopter daar aangekom.

Minstens vier amptenare van Eskom se sekuriteits- en intelligensie-afdelings wat na bewering by spioenasie-bedrywighede op vooraanstaande swart, politieke leiers, vakbonde en eie werknemers betrokke was, is die afgelope maande afgedank of tydelik geskors.

Merkwaardige ooreenkomste tussen die spioenasie-bedrywighede van Eskom en die Johannesburgse Stadsraad gaan na verwagting aan die lig kom indien Frans van Jaarsveld, gewese intelligensie-beampte van Eskom, se getuienis in die Nywerheidshof as waar bewys word.

Van Jaarsveld beweer dat hy, Eskom se intelligensie-afdeling en "gewerfde bronne" op politieke leiers soos Frank Chikane, Cyril Ramaphosa en Albertina Sisulu moes spioeneer. Terselfdertyd is Cosatu-vakbonde geïnfiltreer en die politieke bedrywighede van eie werknemers gemonitor.

Bewerings oor noue kontak tussen Eskom, die veiligheidspolisie en die Johannesburgse Stadsraad kom in 'n tyd wanneer die korporasie uiters vertroulike en sensitiewe onderhandelings met die gemeenskapsleiers van Soweto voer in 'n poging om elektrisiteitsvoorsiening aan dié swart stad te normaliseer.

Die intelligensie-afdeling van Eskom moes volgens Van Jaarsveld op 'n gereelde basis profielstudies op die swart leiers doen en deurstuur aan Eskom se onderhandelspan en vakbonde infiltreer om bestuur oor komende stakings te waarsku.

Die afdeling moes ook op Eskom se eie werknemers spioeneer. Die bedrywighede van vakbonde se vloervlak-bevelvoerders is gemonitor en vergaderings in kamponge is afgeluister en verslae daaroor opgestel.

Vrye Weekblad het dié week verneem dat Eskom een van die omvattendste intelligensie-afdelings buite die bestaande veiligheidsmagte het.

Die bedrywighede van Eskom se intelligensie-afdeling is verlede jaar deur Van Jaarsveld ontbloot nadat hy deur die korporasie afgedank is omdat hy glo gelieg het oor sy akademiese kwalifikasies. Klagtes oor industriële spioenasie word ook teen hom ondersoek.

Intussen het dit aan die lig gekom dat benewens Van Jaarsveld minstens nog drie amptenare wat by die sekuriteits- of intelligensie-afdelings van Eskom betrokke was, geskors of afgedank is:

* Die hoof van beskermingsdienste van Eskom, dr Bertus R Ferreira, het onlangs die diens van Eskom verlaat kort nadat Van Jaarsveld sy onthullings in Vrye Weekblad gemaak het. Ferreira is 'n gewese veiligheidspolisieman met vreemde kwalifikasies wat hy in die buiteland verwerf het.

* Kobus Potgieter, hoof van intelligensie by Eskom wat na bewering ook betrokke was by die spioenasie-bedrywighede, is sowat 'n jaar gelede al geskors en het ook 'n Nywerheidshofsaak teen Eskom aanhangig gemaak. Hy sal na verwagting in Van Jaarsveld se hofsaak getuig. Potgieter is 'n gewese majoor in die Verkenningskommando.

* Vrye Weekblad verneem dat 'n gewese polisie-kolonel in Eskom se sekuriteitsafdeling ook verlede jaar geskors is, maar dat daar weer planne is om hom in diens te neem.

Van Jaarsveld sê dat Eskom van hom ontslae wou raak omdat hy 'n "gevaar" vir hulle geword het nadat hy meer as R1 miljoen se korrupsie ontbloot het.

Van Jaarsveld is in Mei verlede jaar van die Kendall-kragstasie na die intelligensie-afdeling by Megawattpark verskuif en betrokke geraak by die sogenaamde Soweto-projek.

Eskom ontken ten sterkste dat hy ooit op enigiemand gespioeneer het en dat dit nie deel van Van Jaarsveld se taak by Eskom was om inligting in te win oor swart leiers en vakbonde nie.

Uit inligting blyk dit dat Eskom se intelligensie-afdeling 'n noue verbintenis met die veiligheidspolisie gehad het:

* 'n Amptenaar van Eskom se intelligensie-afdeling het Vlakplaas, wat net buite Pretoria geleë is en waarvandaan beweerde operasies van die polisie se moordbende uitgevoer is, by minstens twee geleenthede besoek. Die doel was glo om die veiligheidspolisie se bronnenetwerk van nader te bekyk.

* Dit is bekend dat eenhede van Vlakplaas tydens operasies van leë Eskom-huise gebruik gemaak het om in oorte bly. Die veiligheidspolisie het met die toestemming van Eskom van verblyf by kragsubstasies naby Carolina en Piet Retief gebruik gemaak.

* Getuienis sal waarskynlik deur Van Jaarsveld aangebied word dat hy die selferkende leier van 'n polisie-moordbende, kaptein Dirk Coetzee, en een van sy handlangers, David Tshikalange, gewerf het om spioenasiewerk te doen.

Vrye Weekblad het ook verneem dat die intelligensie-afdelings van Eskom en die Johannesburgse Stadsraad merkaar verlede jaar by minstens twee geleenthede ontmoet het om gedagtes en inligting uit te ruil.

Beide organisasies het op dieselfde persone gespioeneer. Na bewering het Van Jaarsveld minstens een van die ontmoetings bygewoon. Die beampte by Eskom wat die stadsraad ontmoet het, was Bird Smit.

Volgens Van Jaarsveld se getuienis is daar merkwaardige ooreenkomste tussen die spioenasiebedrywighede van die korporasie en die stadsraad:

* "Hanteerders", soos byvoorbeeld Van Jaarsveld, het bronne elke maand uit Eskom se koffers betaal vir die verkryging van inligting en infiltrering van vergaderings. "Bronne" is tussen R50 en R500 vir inligting betaal. Die stadsraad het dieselfde gedoen.

* Intelligensie-beamptes het profiele oor openbare persone en leiers opgebou. Die stadsraad het ook op Ramaphosa, hoofsekretaris van Cosatu, gespioeneer. Die stadsraad het hom só opgesom: "Hy sien rasse-diskriminasie in alles, is 'n emosionele opsweper en is lief vir vrouens."

* Beide organisasies het spioenasie-toerusting aangekoop. Van Jaarsveld beweer sy eie telefoon is meegeluister. Klein bandmasjientjies is aangekoop wat "bronne" aan hulle kon versteek.

* Die stadsraad het openbare vergaderings van anti-apartheidsgroepe bygewoon en verslae daaroor opgestel. Die Johannesburgse stadsraad en Eskom het sterk gekonsentreer op vakbonde wat moontlike stakings en boikotte kon aanhits.

* Een van die Johannesburgse Stadsraad se agente het die ANC geïnfiltreer. Vrye Weekblad verneem dat Eskom 'n gewese politieke gevangene gewerf het om vir hom spioenasiewerk te doen. Dit kon egter nie bevestig word nie en dit is onseker of Van Jaarsveld enige kennis hieroor het.

Van Jaarsveld wou dié week geen kommentaar op sy komende hofsaak lewer nie. Sy regsverteenwoordigers was ook nie gemagtig om iets te sê nie.


Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sample Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown. Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113. Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

**Redaksie**

**Redakteur: Max du Preez**
**Hoofredaksie: Elsabé Wessels, Jacques Pauw, Ina van der Linde**
**Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
**Sub-redakteur: Ryk Hattingh**
**Ontwerp: Andrea Vinassa, Esma Anderson**
**Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo**
**Sportredakteur: Tinus Horn**
**Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**

**Bestuur**

**Advertensies en bemarking: Manie Eagar, Gwynne Bramley Wray**
**Administrasie en verspreiding: Kee-Leen King**
**Redaksionele assistente: Laetitia Pople, Cathy Fennessy**
**Boekhouding: Clara Nkutha**
**Kantoorbestuur: Joseph Moetesi, Vernon Zulu, Hazel Woodward**

**Buitekantore**

**Kaapstad-kantoor: Elsabé Wessels. Tel (021) 22 2520**
**Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by navraag by Cathy Fennessy beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.


Vervolg van bladsy 1

# ANC-orname dreig in Bop

lei nie, maar ek sal inwillig as die mense my kies as tussentydse leier wat her-inkorporasie by Suid-Afrika sal kan verseker".

"Aangesien die meeste leiers in Bophuthatswana wat by die stryd betrokke is, lede van die ANC is, sal so 'n oorgangsregering die eerste ANC-regering binne Suid-Afrika wees", verduidelik hy.

Malebane-Metsing het ook dié week 'n oproep op die inwoners van Venda, Ciskei en Transkei gedoen om hulle vir herinlywing by Suid-Afrika te beywer en hulle gevra om hul gewig agter die ANC in te gooi.

In Venda het verlede week se euforie oor pres Frank Ravele se val die plek begin maak vir groot ontevredenheid met die nuwe regering se noodtoestand, verbod op vergaderings en optogte en die inperking van die enigste vakbond.

Soldate daar het erken dat hulle die staatsgreep gesteun het omdat hulle moeg was om hul eie mense te skiet, maar teleurgesteld is omdat hulle nie die vertroue van die mense kon wen nie. Hulle beweer selfs dat Suid-Afrika die oorname gesteun het in 'n poging om die onafwendbare staatsgreep deur progressiewe leiers te voorkom. Venda het nie 'n opposisie-party nie en sowel Azapo as die ANC wen glo by die dag ondersteuners.

"As kol Ramushwana hom bereid verklaar het om Venda na herinlywing met Suid-Afrika te lei, sou die mense hom nog steun", het vader Zho Nevuthale van die Lutherse Kerk dié week gesê. Die kolonel het egter bloot gesê hy gaan die mag behou totdat herinkorporasie uiteindelik vir Venda moontlik gemaak word.

In die Noord-Transvaal is sedert verlede maand op veral UDF-leiers toegeslaan en volgens die Menseregte-kommissie se jongste verslag word 64 mense ingevolge die noodtoestand en die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou. Die polisie is blykbaar veral besorg oor die grootskaalse verbruikersboikot op Louis Trichardt en die totstandkoming van jeugstrukture in die Noord-Transvaalse "kring" wat regoor dele van Venda, Gazankulu, Bophuthatswana en Suid-Afrika strek.

Malebane-Metsing het dié week gesê sy party sal onmiddellik na bewindsoorname met stappe begin om weer deel van Suid-Afrika te word. Volgens hom het Mangope en sy regering hulself as 'n las bewys en behoort hulle dadelik te bedank.

Hy sê as aanvaar word dat die ANC hom vir die afskaffing van apartheid beywer en Bophuthatswana is 'n faset van hierdie apartheid, is dit reg om af te lei dat die organisasie probeer om Mangope tot 'n val te bring.



Rocky Malebane-Metsing

Malebane-Metsing het 'n beroep op die Suid-Afrikaanse regering gedoen om nie tussenbeide te tree "as en wanneer die inwoners van Bophuthatswana teen die brutale en misleide Mangope optree" nie. Hy sê die meeste mense wat in die sogenaamde tuislande woon het geen "demokratiese alternatief buiten om die outokratiese en korrupte klieke wat hulle regeer, omver te werp nie".

Malebane-Metsing sê Mangope moet homself aan die wil van die mense onderwerp en aan dié eise voldoen: Die ontperking van die People's Progressive Party en alle ander organisasies; die vrylating van diegene wat aangehou word vir hulle aandeel in die mislukte staatsgreep en die onmiddellike beëindiging van alle politieke verhore; die onvoorwaardelike en veilige terugkeer van alle uitgewekenes; die opheffing van onrealistiese veiligheidswetgewing en die noodtoestand asook die normalisering van politieke uitlewing asook die onmiddellike bedanking van Mangope en sy regering.

"Die mense van Bophuthatswana moet Mangope en sy noodtoestand ignoreer en omstandighede skep om na 'n verenigde Suid-Afrika terug te keer", sê Malebane-Metsing.

Hy sê Bophuthatswana wil nie en sal nie 'n uitsondering wees in die dwingende veranderinge wat besig is om die toekoms van Suid-Afrika te vorm nie.

"Die krygskreet van alle Suid-Afrikaners, sowel in landelike as stedelike gebiede, is burgerskap van 'n verenigde, nie-rassige en demokratiese Suid-Afrika, waar hulle as gelykes behandel sal word."

# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil


Ons werk om nou 'n verskil te maak.

*Ken jou land (1)*

# Hoekom is Suid-Afrika so vol gate?

**Die tuislandblapse is ons erfenis uit die apartheidswetgewing wat in die sestigerjare beslag gekry het. Dit sal fyn dinkwerk in die onderhandelinge oor 'n nuwe Suid-Afrika kos om al dié knope in die Verwoerdiaanse net los te wikkel. In die eerste aflewering in 'n reeks oor die demografiese aspekte van Suid-Afrika, bekyk CHRISTELLE TERREBLANCHE die geografiese doolhof van nader**

**Onafhanklike en semi-onafhanklike swart state in Suid-Afrika**



**Onafhanklike state**
**1 Ciskei**
**2 Transkei**
**3 Bophuthatswana**
**4 Venda**

**Nie-onafhanklike state**
**5 Gazankulu**
**6 Kwazulu**
**7 Qwaqwa**
**8 KaNgwane**
**9 Lebowa**
**10 KwaNdebele**

DIE geografiese gebied wat ons vandag Suid-Afrika noem, is moeilik om in die geestesoog op te roep en staan al weer op die drumpel van verandering.

Sommige noem die ongedefinieerde blapse op die aangesig van die geografiese eenheid 'n doolhof van teenstrydige wetgewing, en ander meen dit vorm 'n gespikkelde monster met baie potensiaal om vuur te spoeg.

Maar dié tuislandblapse is ons erfenis uit die apartheidswetgewing wat in die sestigerjare beslag gekry het. En dit sal fyn dinkwerk in die onderhandelinge oor 'n nuwe Suid-Afrika kos om al die knope in die Verwoerd-net los te wikkel.

Nou dat die tuislande self teen dié strukture in opstand begin kom, is dit reeds duidelik hulle in die toekoms weer deel van die groter Suid-Afrika sal wil word.

"Een van die interessantste aspekte van apartheid is die manier waarop dit nedersetting in Suid-Afrika verwring het," sê Tim Hart, hoof van die Afdeling Omgewingstudie van die Nasionale Instituut vir Personeel-navorsing, NIPR, in Johannesburg. "Daar was elke week 'n ander reël. Maar die breë patroon op die grond was een van rasseskeiding in die tuislande én in die stedelike woongebiede."

As die enigste doelstelling van die instromingsbeheer-wetgewing en tuislandbeleid van die sestigerjare was om die sogenaamde "verswarting van die platteland" te voorkom, was dit 'n reuse-sukses.

In 1950 het 35 persent van die swartmense in Suid-Afrika op blanke plase gebly en 39 persent in die "reserwes", ofte wel proto-tuislande wat ingevolge die Wet op Grondbesit van 1913 en dié van 1936 toegeken is. Volgens statistiek van 1985 was net 14 persent nog op blanke plase, terwyl 58 persent netjies in die tuislande ingepas is. Volgens demografiese modelle gaan die landelike swart bevolking in Suid-Afrika nou konstant bly. Maar landelike gebiede in die tuislande is uiters digbevolk.

Lank voor die Verwoerdiaanse "Grand Apartheid" het die Wet op Grondbesit van 1913 voorsiening gemaak vir die afbakening van sekere gebiede wat op tradisionele kollektiewe wyse deur swartmense bewerk kan word. Die Wet op Grondbesit van 1936 het nog grond bygelas, waarvan party stukkies vir kollektiewe bewerking en ander vir individuele eiendomsbesit. Dit het 'n ingewikkelde lappieskombers van stelsels tot gevolg gehad wat die TBVC-lande al nagmerries gegee het in 'n poging om dit te ontrafel en op te hef.

In werklikheid het min swartmense in die tuislande toegang tot grond. Hulle woon in tuisland-stede.

Selfs die stedelike strukture wat in die tuislande ten koste van die ontwikkeling van die werklik lewenskragtige stedelike townships daarbuite geskep is, kan nie langer die toeloop van mense na dié gebiede hanteer nie.

"Die tuislande is die meeste van alle gebiede belas; dit is eers verstedelik en toe moes dit die surplusmense vanaf die platteland absorbeer," sê dr. Charles Simpkin, ekonoom wat in demografie spesialiseer. Instromingsbeheer het gesorg dat die swartmense wat verstedelik nie op die groot stede toesak nie, maar na die tuislande geherkanaliseer word.

Ook die aangesig van ons groot stedelike en metropolitaanse gebiede is deur die apartheidswetgewing van die sestigerjare bepaal. Instromingsbeheer het gesorg dat beperkte getalle swartmense in die stede gevestig kon word om in sekere arbeidsbehoeftes te voorsien.

Die surplus is na die "bantustans" gerangeer. 'n Soort stedelike "arbeid-elite" is so beskerm. Ontwikkeling in townships is beheer en oorskotgeld aan tuisland-infrastrukture bestee.

"Die stelsel was tot op 'n punt doeltreffend," sê Hart. "Die nadeel is dat dit 'n nuwe soort verstedeliking laat ontstaan het wat "misplaaste verstedeliking" genoem word. Hiermee word bedoel dat verstedeliking wat in stede - naby werksgeleenthede - moes plaasvind, elders soos aan die rand van tuislande beslag gekry het. Voorbeelde van sulke misplaaste townships is Winterveld en die gebiede rondom Durban, waar die bevolking hoofsaaklik uit pendelaars, trekarbeiders en pensioentrekkers bestaan. 'n Infrastruktuur is natuurlik nie vir die gebiede geskep nie.

Voordat instromingsbeheer afgeskaf is, het heelwat mense ook deur die net geglip en hulle wel in die stede binne Suid-Afrika gevestig, waar werksgeleenthede volop was, maar behuising en geriewe skaars.

Plakkerskampe het ontstaan. Ontwikkeling het nie tred gehou nie, want amptelik het die mense mos nie daar gewoon nie. Oorbevolking in townships het chronies geword.

Aanduidings is dat tot die helfte van alle stedelike swartmense, sowat 7 miljoen, vandag in krotte woon. Rondom Durban woon tot 2 miljoen mense in plakkerstrukture. Die haglike toestande in Alexandra langs Sandton is maar net een van die voorbeelde waar ontwikkeling aan die hand van amptelike statistiek nie met die werklikheid tred gehou het nie.

In werklikheid het die tuislandbeleid Suid-Afrika in staat gestel om tyd te koop ten opsigte van verstedeliking.

Gemeet aan die verstedelikingtendens in ander wêrelddele, het die proses hier baie stadig gevorder, juis omdat die verstedeliking desnoods in die tuislande plaasgevind het en nie as sulks erken word nie.

Noudat die tuislande oorbevolk en die platteland "wit" is, sal die tuislande op hul beurt vir 'n nuwe vlaag van verstedeliking sorg.

Demografiese projeksies dui daarop dat die "amptelike" verstedelike bevolking binne die volgende 20 jaar kan verdubbel, aangesien Suid-Afrika hom in die middel van sy potensiële verstedelikingskurwe bevind.

Aanduidings is dat bevolkingsaanwas onder swartmense aan die afneem is, maar dat informele immigrasie uit buurlande baie kan toeneem. Die Wet op Groepsgebiede het ook sy eie stempel op die aangesig van Suid-Afrika afgedruk.

Nedersettings op die platteland is buite sig hervestig en min geriewe is aangelê. Die swart bevolking op plase het tot 3,3 miljoen gekrimp en kan nie juis 'n dramatiese uitwerking op verdere verstedeliking hê nie. Die landelike gebiede in tuislande gaan volgens demograwe waarskynlik die grootste verskaffer van swartmense na stede word.

Een van die voor-die-hand-liggendste uitvloeisels van die Wet op Groepsgebiede was dat die beste grond naby werk en sake-sentrums aan blankes toegeken is, terwyl ander groepe die periferale land ver van die voorregte gekry het.

Dit was immers nie die blankes wat die uitwerking daarvan in terme van sowel koste as gedwonge verskuiwing, sosiale ontwrigting en reiskoste vir pendelaars moes absorbeer nie.

In die volgende 20 jaar, waarin die nuwe Suid-Afrika waarskynlik sy beslag sal kry, sal ons stede die grootste aanpassingslas moet dra.

"Stedelike bronne sal 'n grootskaalse debat word," sê Hart. "Die waarde van grond in stedelike gebiede en die geld om dit te ontwikkel sal van kardinale belang wees in die normalisering van die land. Maar daarmee saam behoort die herverdeling van landbougrond 'n doelstelling te word."

As hipoteties aangeneem word dat die Wet op Grondbesit, die Wet op Groepsgebiede en Vrye Vestigingswetgewing, die driekamer-parlementêre stelsel, die tuislandstrukture en ander apartheidstrukture afgeskaf en afgetakel word, gaan dit blykbaar min verander aan die demografiese tendense wat tans vorm aanneem.

Die boustene van apartheid het te veel mense in hulle huidige bestaan vasgemessel. Swartmense sal ekonomies nie in 'n posisie wees om die breër neigings te swaai nie.

Simpkins meen die beste manier om swartmense te help is om hulle toegang tot landbougrond in blanke gebiede te gee. "Weens die apartheidsbeleid is baie mense se landelike bande verbreek, wat groter stukrag aan verstedeliking kan gee."

Blanke boere sal egter vra waarom dan net swartmense toegang tot blanke grond gee, hoekom nie konsekwent wees en swart gebiede vir blankes oopstel nie?

Demograwe meen 'n te vinnige en oorvereenvoudigde rasionalisering van grondbesit in die tuislande kan katastrofiese gevolge hê en nog meer mense ontwortel. Die huidige "liberale" neiging om meer individuele grondbesit in tuislande aan te moedig, vererger die probleem van ontstamming.

Die belangrikste vraag ten opsigte van toekomstige beleidsrigtings behoort te wees: "Wat gaan met die kleinboere in tuislande gebeur?"

Simpkins meen die probleem kan slegs die hoof gebied word as 'n politieke en ekonomiese raamwerk vir verbeterde groei van minstens 3,5 persent per jaar geskep word. Verdere groei binne die raamwerk van sistematiese rassediskriminasie is nie meer moontlik nie en daarom moet spesifieke aandag gegee word aan die skepping van omstandighede waarin swartmense hulle volle bydrae tot produktiewe bedrywighede kan lewer.

Hy meen dat die mark self sal moet begin bydrae tot die behuisingsbehoeftes van stedelike swartmense, maar dat die staat die proses sal moet lei. Administratiewe beheer op beweging sal van sy diskriminerende grondslag moet afsien en vervang word met toeganklikheid tot behuising, werk en dienste op die grondslag van gelyke geleenthede.

Die staat sal beslis ook sy beperkte bronne vir bystand baie sekuur moet teiken ten opsigte van diegene wat dit die meeste nodig het.

**WITS**
Senate House, Jorissen Street, Braamfontein
open lectures for scholars and members of the public

| | | |
|---|---|---|
| February 20 | A History of Medicine Through Art | Prof C Rosendorff |
| February 27 | The Death Penalty | Prof C J R Dugard |
| March 6 | Imaging the Earths Interior: The Science of Geophysics | Prof B Corner |
| March 13 | The Okavango Delta | Prof T S McCarthy |
| March 20 | Marine Biology: A Botanists View | Prof R N Pienaar |
| March 27 | The Games Parasites Play | Dr A Wadee |
| May 8 | To Read Or Not To Read | Dr J Sherman |
| June 5 | The Coal Processing Road Show | Prof D Horsfall |
| June 12 | Chemistry Through Observation | Dr K Naik |
| June 19 | Law As An Instrument For Change | Prof M Brassey |
| June 26 | The Geological History of Johannesburg: 3500 Million Years of Earth History | Prof T S McCarthy |

VENUE: SH 6 TIME: 19:30
Booking at Computicket from 10 February—no charge
Enquiries—Schools Liaison Office 716 3597 or Information Desk 716 3162

# in jou binnebaadjiesak nie



Prof Jakes Gerwel
*(Foto: Eric Miller - Afrapix)*

tieke geskiedskrywing van die land sal 'n mens dit nie kan onderskat nie. Maar as 'n onderwysmens sal 'n mens weet dat enige strategie in hom die moontlike onbedoelde negatiewe effekte dra. In boikotstrategie is dié gevaar nog groter, want dit is die weerhouding van die gebruikma-king van 'n middel waarsonder die onthouder verarmd is. In ander boikotte, soos bevoorbeeld 'n verbruikersboikot, word die leweraar armer gemaak, maar hier word die onthouder verarm. Die NECC het byvoorbeeld tot stand gekom juis om die verwerpings- en onthoudingstrategie te bespreek en te kyk of die education struggle nie op andere wyses gevoer kan word nie.

Die skuld vir hierdie verlore generasie moet egter vierkantig op die skouers van apartheid geplaas word. As die politieke organisasies in die sestigerjare nie verban is nie, sou die jeug van die sewentigerjare nie gedink het dis hulle taak om die stryd weer op neem nie. En ons weet die jeug het gedink hulle begin die stryd weer. Hulle was afgesny van die geskiedenis van weerstand wat van vóór die Nasionale Party kom. Hulle het geskiedenisloos die stryd opgeneem. Dis waar die boikot begin het. Maar ek dink nie ons moet vingers wys na die kinders nie. Ons moet werklikwaar die skuld vierkantig op die skouers van apartheid plaas.

**Wat is vir jou positief uit die boikot-kultuur. Wat se lesse is daaruit te leer?**

Ek wil nie boikot verheerlik nie, want onderwyskundig het dit mense geskaad. Maar deur die boikotstrominge het die jeugdiges die apartheidstaat gedestabiliseer. Hulle het daarin geslaag om die spanner in die works van een van apartheid se sosiale ordes te gooi. Die skool en die onderwys funksioneer vanweë die massa-deelname van mense. En dis waarom onderwys 'n terrein van stryd kon word. Die meeste toegewings wat die regering in die sewentigerjare gemaak het, is as gevolg van die jeugstryde.

**In hoe 'n mate kan maatskaplike minderbevoorregting en politieke onderdrukking as 'n verskoning vir swak akademiese vordering dien?**

Dit moet nooit as 'n verskoning dien nie. Maar dit is inderdaad 'n verduideliking daarvan. 'n Mens kan nie wegkom daarvan nie. Die sosiale deprivasie is 'n oorwegende faktor in swak prestasie. Maar dis nie net sosiale deprivasie nie, maar die bewustelike onderontwikkeling van menslike potensiaal. Staatsbeleid in die swart onderwys was gerig op die bewustelike onderontwikkling van mense. Dan kan jy nie die slagoffer blameer nie. Dan moet jy soos ons hier doen onderwys-benadeling as 'n meerderheidsverskynsel erken. Die meerderheid van Suid-Afrikaners wat op skool is, ontvang minderwaardige onderwys. Opvoedkundige benadeling is nie iets wat toevallig sosiaal uit die huis waaruit iemand kom voorspruit nie, maar deur 'n onderwystelsel wat gerig is op benadeling. 'n Minderheid van Suid-Afrikaners kry 'n onderwys wat hulle werklikwaar voldoende voorberei vir universiteisopleiding.

Maar ons gebruik dit nie as 'n verskoning nie. Ons beklemtoon juis vir ons studente dat nasionale onderdrukking 'n feit is waarmee ons gebore is, waarmee ons grootgeword het, maar ons nasionale bevrydingstryd is daarop gerig om as volle mense onse plek in die samelewing op te neem.

**In hoe 'n mate benadeel klasboikotte akademiese prestasie?**

Die universiteit het die laaste twee jaar nie boikotte gehad nie, maar aan die ander kant is swart onderwys steeds deur boikotte getref. Vir lang tye het die skole stilgestaan. Dit affekteer die prestasie van studente. Maar afgesien van skoleboikotte, is dit die swak skoolstelsel wat akademiese prestasie benadeel. Maar dit is juis wat ons probeer aanspreek. Dit is reeds deur my voorganger, Dick van der Ross, begin en ek dink steeds dit is een van die moedigste besluite wat 'n opvoeder kon neem. Hy het in die sewentigerjare besluit dat dié universiteit hom in al sy aktiwiteite juis moet rig op die benadeelde studente. Ons kan dus ook uitgaan om al die A- en B-kandidate te werf, maar dis so 'n kleine minderheid van gematrikuleerde studente. Ons universiteit is juis ingestel op die swak-voorbereide student. 'n Mens besef daarmee dat baie min van ons studente hul studie in 'n minimum tyd sal voltooi. Ons besef ook dat ons in die eerste jaar moontlik 'n laer suksessyfer as ander ander universiteite gaan hê. Maar dit is juis 'n aanduiding dat die standaarde by UWK nie verlaag word of dat die slaagsyfer opgestoot word om subsidie te kry nie.

**Hoe word die UWK deur die huidige subsidiestelsel vir universiteite geraak?**

'n Mens moet praat van die politieke ekonomie van die subsidiestelsel. Sedert 1984 was dit nie meer net inskrywings nie, maar suksesse wat in ag geneem is. Kyk jy daarna, sien jy dat dit ook mooi saamval met die tydperk waar swart studente begin universiteit toe gaan het. Die objektiewe effek daarvan was dat die universiteite sogenaamde hoë risiko-studente probeer uithou het. Dus het die universiteite al hoe minder swart studente begin inneem. Maar dit is juis wat die UWK nie gedoen het nie. Ons beleid is om opvoedkundige benadeling aan te spreek al sou dit ons subsidie beïnvloed. Ons staan nie soos Petrus met die sleutel tot die toegang tot die universiteit nie. Wat ons wel by staan, is die gehalte van die studente wat by die universiteit uitgaan.

Die probleem is dat die staat nie die universiteit subsideer vir ondersteunigsprogramme nie. In 'n toekomstige demokratiese Suid-Afrika sal dit een van die sleuteltake van die universiteite wees om aandag te gee aan ondersteuningsprogramme. Dié syfers haal ek al soos 'n psalmpie aan: 30 uit elke 1 000 witmense is op universiteit, vier uit elke 1 000 kleurlinge is op universiteit, twee uit elke 1 000 swartmense is op universiteit. Dit is die wanproporsie wat aangespreek moet word.

**Hoe sou jy die ideologiese konteks van die UWK beskryf?**

Ons staan binne die breë strewe en stroming na 'n nie-rassige demokrasie in die land. Ook vir die negentigerjare gaan dit die konteks vir dié universiteit bly. Dit gaan toenemend ook die konteks word van ander universiteite. Soos die veranderinge in die tuislande kom, sal veranderinge by die ander swart universiteite ook kom, en sal hulle ook die rol begin speel wat ons by die UWK probeer speel. Suid-Afrika sal so langsamerhand ook na ons oorwegend wit sustersinrigtings kom. Na gelang ons 'n nuwe Suid-Afrikaanse nasie bou, sal dit die konteks word van al die universiteite.

Ek moet sê ek is nie min trots op wat UWK gedoen het om kontekste aan te dui, uit te grawe en uit te baklei nie. Ek is trots daarop dat ons dit gedoen het in 'n stadium toe dit nie maklik was nie, maar toe dit omstrede was om dit te doen.

**Wat is die toestand van die akademiese boikot op die oomblik? Dink jy dit is besig om te verslap?**

Die vraag is, is apartheid besig om oor te gaan? As universiteit het ons daar ook een van ons omstrede dinge gedoen. Ons is die enigste universiteit wat 'n amptelike standpunt oor die akademiese boikot het. Dit is heeltemal in ooreenstemming met dié van die demokratiese beweging en die ANC, toevallig. Die besluit om 'n universiteit bewustelik te laat isoleer, word net in die uiterste omtandighede geneem. Die akademiese boikot is nie 'n strafmaatreël nie. Dit is 'n politieke mobiliseringsmiddel.

**Wat se faktore benadeel die groei van die universiteit?**

Tans is ons die universiteit met die swakste fondse in die land. Ons kry die minste van die regering en die private sektor. Ons is ook die universiteit met die grootste tekort aan ruimte. In terme van middele is ons slegter daaraan toe as enige ander Suid-Afrikaanse universiteit. Dit is dus een van my ideale wat ek koester dat die lewende dinamiek en commitment van die universiteit ten minste erken sal word deur beskikbare middele. As dié universiteit die helfte van die middele gehad het wat ons sustersinstellings het en dit kon kombineer met die commitment wat hier is, dan het 'n hele klomp dinge gebeur.

**Hoe word die UWK geldelik benadeel deur die staat se subsidiestelsel?**

Die universiteite word op 'n formule gesubsideer. Dit is op twee hooffaktore gegrond. Die eerste faktor is die studentegetalle, en die tweede is studentesuksesse. Dié syfers vir 'n bepaalde jaar tree dan in werking twee jaar later. Syfers van 1987 bepaal dus die subsidie vir 1989. Sedert dié formule in werking getree het, het die tesourie nog nooit die volle bedrag bewillig nie. Dit word telkens besnoei. Maar verlede jaar, vir die eerste keer, is daar op heel arbitrêre wyse besluit om die groeifaktor van universiteite buite rekening te laat. Die grootste genererende faktor in die subsidie is dus buite rekening gelaat. En UWK is die vinnig groeiendste universiteit in die land. Ons het in 1986 net oor die 6 000 studente gehad en in 1989 het ons amper 12 000 gehad. Dus in terme van die subsidie moes ons in 1989 op daardie faktor alleen 'n groot bedrag ontvang het. Maar toe hulle dié getal buite rekening laat, word ons subsidie met 52 persent gesny. Ons het dus verlede jaar net 48 persent van ons subsidie ontvang. Dit was net eenmalig, maar die ondersubsidering duur voort. Vanjaar gaan die staat weer terug na 'n uniforme stelsel en kry ons almal ses persent meer as wat ons verlede jaar gekry het. Dus ons besnoeide syfer van 1989 word nou die grondslag waarop ons in die vervolg befonds word. Stories oor boikotte het niks met befondsing te doen nie. Daar is bloot arbitrêr 'n besluit gemaak.

Binnelands wil hulle nie na my luister nie. Maar op elke internasionale verhoog waar daar universiteitsmense is, vertel ek dié storie van die arbitrêre toepassing van 'n formule. En almal het geweet UWK gaan die slegste geraak word daardeur.

**Wat is jou ideaal vir UWK?**

My toekomsvisie vir Suid-Afrikaanse universiteite is dat dit nasionale instellings sal word wat hulself sal struktureer rondom die ideaal van nasiebou en om onsself te rig op die werklike Suid-Afrikaanse onderwyssituasie en nie te werk asof ons 'n klein stukkie Europa is wat ons nog hier in ons binnebaadjie koester nie. By UWK hoop ek dat ons die intellektuele dinamiek wat nou hier is, kan behou en dat ons nie sal uitspan en die nuwe esablishment word as dinge in die land verander nie.

ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

**Vrye Weekblad**

**Dra die Groen en Goud (met 'n bietjie swart by). En die Oranje, Blanje en Blou. Dit is die kleure van ons nuwe T-hemp. En as dit jou verwar, dan beteken dit waarskynlik jy weet wat vandag in ons land aan die gang is.**




**Teken in op Vrye Weekblad (R75 vir 'n jaar, R40 vir ses maande, AVB ingesluit) en ons stuur 'n gratis T-hemp saam. Of bestel een teen R15 (AVB en posgeld ingesluit) van Posbus 177, Newtown 2113.**

**Ek wil Vrye Weekblad vir 12/6 maande by my huis afgelewer hê en sluit 'n tjek/poswissel vir R75/R40 hierby in.**

**Naam..............................................**

**Adres..............................................**

**Poskode..............................**

**Stuur aan Die Sirkulasiebestuurder, Posbus 177, Newtown 2113**

**ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA**



**BOEKE**



*Vroue-skrywers skitter in hul afwesigheid*

# Belangrike Drum-stories gebloemlees



**Miriam Makeba...prikkelpop met 'n voet in die drom**



**"Bra" D. Can Themba... een van die manne**



**Arthur Nxumalo.. Meneer Drum**

**THE 'DRUM' DECADE**
*Stories from the 1950s*
*Saamgestel deur Michael Chapman*
*University of Natal Press: R29,95*

**ENA JANSEN**

"BEING a Drum man did not consist merely in fulfilling one's obligations to the paper professionally but carried other extra responsibilities. For instance, even in one's personal life one was supposed to exhibit a unique intellectual style; usually urbane, ironic, morally tough and detached ... especially in reporting the uncertainties of urban African life in the face of rigorous apartheid laws ... Above all, in Drum it was generally assumed that one couldn't deal professionally with urban African life unless one had descended to its very depths as well as climbed to its heights. A Drum man took sex and alcohol in his stride, or was supposed to, and stayed in the front line of danger."

So skryf Lewis Nkosi, een van die Drum-manne, in sy stuk "The Fabulous Decade: The Fifties". Ja: die manne. Want as 'n mens kyk na die bydraes wat Chapman versamel het vir sy bloemlesing Drum-stories, moes die joernalistiek toe nog klaarkom sonder skrywende dames. It was a man's world. Uit en uit. As jy nie Miriam Makeba, 'n beauty queen en cover girl, of 'n shebeen queen was nie, het jy g'n voet in die drom gekry nie. In "Guts and Granite" word Lilian Ngoyi, onder-voorsitter van die SA Federation of Women en eerste vrou op die uitvoerende komitee van die ANC, wel uitgesonder wanneer Mphahlele oor haar aandeel in die Vrouemars van 1956 skryf.

Dit lyk of Chapman sy ondersoek na die Drum-era in die Killie Campbell Africana-biblioteek geniet en baie deeglik gedoen het. Sy kort voorwoord voordat 30 stories aan die beurt kom, is maar 'n klein voorsmakie tot sy 50 bladsye-lange artikel "More Than Telling a Story: Drum and its Significance in Black South African Writing". 'n Paragraaf of wat oor die skitterende afwesigheid van vroue-skrywers sou volledigheidshalwe wel gepas gewees het.

Buite die anonieme orale tradisie van volksverhale om was daar byna geen swart outeurs wat hulle hand aan kortverhale gewaag het tot en met Drum se verskyning nie. Baie gou was daar 'n kenmerkende styl: "racy, agitated, impressionistic, it quivered with a nervous energy, a caustic wit", soos wat Es'kia Mphahlele dit gestel het. Die historiese teenwoordige tyd met sy gevoel van onmiddellikheid is van die Amerikaanse "tough tale" oorgeneem.

Chapman is nie verniet 'n dosent in Engelse letterkunde nie. Hy gee rekenskap van sy keuse van wat as kortverhaal kan deurgaan wanneer hy byvoorbeeld motiveer waarom hy Nxumalo se sosiale exposés "Mr Drum Goes to Jail" (oor die toestande van swart gevangenes in die Johannesburgse Fort-gevnagenis) en "The Birth of a Tsotsi" ook insluit by hierdie versameling. Omdat soveel konvensies van die fiksionele aanpak tog daarin voorkom, wys Chapman hoe dit moontlik is om tradisionele definisies van die kortverhaal-genre so te rek dat dié stukke wel deeglik insluiting verdien. Die kategorieë feit en fiksie is noodwendige aanvullings bymekaar vir die swart skrywer wat eweveel betrokke is by die opvoeding van sy lesers as gemoeid met estetiese oorwegings. Dalk iets waarna "post-modernistiese" Afrikaanse skrywers kan gaan kyk?

Morele en sosiale vraagstukke is ingevleg in die stories wat dikwels 'n desperate verdedigingsmeganisme was teen die politieke en ekonomiese magte wat in die vroeë jare van die NP-regering swaar op die swart gemeenskap gedruk het. Wette soos dié op die Onderdrukking van Kommunisme het vir baie jare daarna Drum-skrywers stil gemaak, o.a. Mphahlele, Modisane, Themba, Nkosi, Matshikiza en Nakasa. Drum was as't ware 'n sosiale barometer van die vyftigerjare omdat dit byna alles - van misdaad, sokker en boks tot en met die politiek van swart nasionalisme - op sy bladsye weergegee het.

In teenstelling tot die veel meer kommersiële blaaie soos Zonk! en Bona het Drum dit reggekry om 'n blink voorkoms te kombineer met die joernalistiek van 'n verhoogde bewussyn. "It appeared to function as a political instrument in spite of its tawdry, irresponsible air" (Addison). Sekerlik 'n nastrewenswaardige kombinasie.

Drum het in die Kaap ontstaan in Maart 1951 onder finansiële voogdyskap van Jim Bailey, wat 'n fortuin van sy vader, sir Abe Bailey geërf het. Oor die redaksionele beleid van die tydskrif word baie onderhoudend vertel, en dit is veral interessant om te sien watter stimulans uitgegaan het van die Drum-kortverhaalkompetisie wat gereeld vanaf 1953 gehou is. Chapman gee kort biografieë van die loopbane en soms tragiese eindes van skrywers soos Henry Nxumalo, die kult-figuur Can Themba, Casey Motsisi, Mphahlele, Nat Nakasa, James Matthews, Richard Rive en Bloke Modisane. Sophiatown se styl, waar Amerikaanse B-flieks, die shebeens, jazz, bendes, die plesiere van pronkerige klere en V-8 motorkarre die toon aangegee het, was allesbepalend vir Drum-skrywers se selfbeeld. Die rol wat Trevor Huddleston se St Cyprian's Mission in die gemeenskapslewe gespeel het, word ook beskryf deur Chapman en in die stories. Uiteraard ook die "forced removal" van 1955. Enigiemand wat al Strike Vilakazi se kwela-liedjie "Meadowlands" gehoor het - dis gesing terwyl die inwoners se besittings afgevoer is - sal besef hoe vrolikheid en afbraak hand aan hand gegaan het in die musiek, maar ook die stories van die vyftigerjare.

Ek wil nie een van die stories uitsonder nie. Party is meer gesofistikeerd as ander, maar dit maak dié wat nog twyfel tussen platteland en die aanloklikhede van die gladde stadslewe nie minder sjarmant nie. 'n Lekker bykomstigheid van die boek is die fotoverhaal (storie deur "bra" D. Can Themba en foto's deur "bra" Gopal S. Naransamy) wat oor 5 bladsye afgedruk word: "Baby Come Duze" met as inligting en voorligting vir die lesers van die April 1956-uitgawe: "There's a new lingo in the townships, bright as the bright boys, made of Afrikaans, Zulu, Sotho, English and brand-new words. Here's a story in lingo - and explanations" (wat dan in Algemene Township Amerikaans-Engels gegee word).

Vergelyk bietjie die lingo: "Ek sê, baby, 'n man pitch cruel vir jou. Pun-yuka ek net, dan hol ons die toun toe" met: "I say, baby, I'm nuts about you. Give me a break, and you and I will paint the town red."

"The 'Drum' Decade" is 'n belangrike bloemlesing met goeie voorbeelde van hoe vir die nut én die plesier van lesers geskryf kan word. 'n Doelstelling wat van Horatius se *utile* en *dulce* tyd af dikwels aanleiding gegee het tot hewige gesprek, en wat - soos in die beste van die Drum-stories - boeiende resultate oplewer.

*Ena Jansen doseer Afrikaans en Nederlands by Wits.*

**Onder redaksie van KOOS PRINSLOO**

# Skrap lasterwet, vra Rushdie

LONDEN. - Die Britse skrywer Salman Rushdie (outeur van die omstrede roman "The Satanic Verses") het vandeesweek - nadat die hooggeregshof beslis het hy kan nie weens godslastering aangekla word nie - die opheffing van Brittanje se "anachronistiese" wet op godslastering bepleit.

Die hooggeregshof het 'n beslissing teen 'n Britse Moslem-groep gehandhaaf dat Rushdie nie weens godslastering aangekla kan word nie omdat die wet net op die Christendom van toepassing is.

Rushdie het 'n beroep gedoen op die parlement om "so gou moontlik" die wet op godslastering te herroep wat "ongeag vandeesweek se beslissing gevaar inhou vir die vryheid van spraak".

Die skrywer skuil sedert 14 Februarie verlede jaar toe die sedertdien afgestorwe ajatolla Khomeini 'n beroep gedoen het op Moslems om Rushdie dood te maak omdat "The Satanic Verses" Islam belaster. (AFP)


DIE JONGSTE AFRIKAANSE MUSIEK


van SHIFTY RECORDS

DRAADLOOS
- Dans, Kerk en Werk




en

RANDY RAMBO EN DIE ROUGHRIDERS
- Die Saai Lewe




Verkrygbaar op Shifty se Lobudgie Label

Teen R16

Bestel deur die pos van:

SHIFTY RECORDS

P.O. BOX 27513
BERTSHAM
2013
JOHANNESBURG

*Castro bly 'n kommunis*

# Kubaanse skoliere moet lande toe

BERTRAND ROSENTHAL

HAVANA - Kuba is van plan om skoliere deeltyds op die lande te laat werk in 'n poging om voedsellewering - te midde van verbrokkelende Sowjet-steun aan dié land - te verseker, volgens 'n regeringswoordvoerder.

Oor die volgende drie jaar gaan duisende skoliere op sekondêre vlak van Havana verplaas word na die landelike skole waar klaskameronderrig met plaaswerk afgewissel word, sê Eduardo Normand Cabrera, die stad se skooladministrateur.

Wanneer die volgende skooljaar in September begin, gaan 7 000 jeugdiges tussen 15 en 16 jaar die stad verlaat om op die lande van dié Karibiese eiland te werk, sê hy.

Tussen 1982 en 1986 is skoliere uit agt distrikte van Havana na plaasskole gestuur, maar dié projek het geleidelik doodgeloop. Maar nou, met die demokratiese hervormings wat deur Oos-Europa spoel en pres Fidel Castro wat steeds aan die onbuigsame kommunisme vasklou, hoop amptenare om voedseltekorte - in geval van 'n algehele beëindiging van voedselvoorsiening deur die land se gewese kommunistiese bondgenote - só aan te vul, sê ontleders.

Dié week het die Sowjet-dagkoerant, Pravda, juis gesê dat die Sowjet-Unie sy beleid van hulp aan Kuba deeglik moet heroorweeg.

"Die tyd het nou aangebreek om die stelsel van gesentraliseerde beplanning te laat vaar," sê Pravda, en wys daarop dat die huidige steun aan Kuba op dié stelsel berus.

Kuba se skuld aan die Sowjet-Unie beloop 15,4 biljoen roebels - 24 biljoen dollar - wat dié land Moskou se grootste debiteur maak.

Pravda sê verder dat die Sowjet-industrie belangstelling in ekonomiese samewerking met Kuba verloor het omdat Havana se terugbetalings in omskakelbare roebels regstreeks aan die Sowjet-regering gemaak word, eerder as aan die Sowjet-verskaffers. Castro het aan die einde van verlede jaar gesê dat vrugte en groente op 650 hektaar grond - waarop suikerriet gewoonlik verbou is - gaan groei. Suikerriet is Kuba se belangrikste uitvoerproduk.

Die kommunistiese dagblad in Kuba, Granma, het dié week berig dat die nasionale suikerriet-oes 600 000 ton minder is as die geraamde agt miljoen ton wat vir die oesjaar 1989-1990 voorspel is.

Leerlinge wat plaasarbeid gaan verrig, word uit die ses distrikte van Havana wat nie voorheen gaan werk het nie, gekies.

Hulle sal 'n gemiddeld van drie uur per dag op die lande werk en sal naweke huis toe gaan, sê Cabrera.

Tot nou toe het Havana-studente in elk geval 45 dae per jaar op die lande deurgebring. Hulle moes tabak in die westelike Pinar Del Rio-provinsie gaan oes, sê hy.

Buiten die verhoging in produktiwiteit, sê hy, hou die projek ook opvoedingsvoordele in - soos kleiner klasse in die stede. Dié voordele is aan die ouers verduidelik, sê hy. - AFP



Fidel Castro, klou steeds aan die kommunisme
*(Foto: AP)*

Islam aan die wêreld

786

In die naam van God die Genadigste die Barmhartigste

Het u geweet dat Islam die enigste geloof is wat aan wette van die natuur voldoen?

Het u geweet dat Islam se Heilige Boek (die Heilige Koran) die enigste bestaande godsdienstige boek ter wêreld is wat vir amper 15 eeue onveranderd gebly het?

Het u geweet dat die Heilige Koran die enigste godsdienstige boek is wat in sy geheel deur duisende Moslems wêreldwyd gememoriseer word?

Het u geweet dat Islam die enigste godsdiens is wat alle boodskappers wat deur God aan die mensdom gestuur is, aanvaar?

Het u geweet dat die Islamitiese Heilige Boek, Heilige Koran, die enigste boek is wat wetenskaplike bewyse vir die oorsprong van die heelal het?

Het u geweet dat Islam die enigste geloof is waar God self in die Heilige Koran sê: "Vandag vervolmaak ek julle geloof en maak ek my guns aan julle (o mensdom) volkome en kies ek Islam as julle geloof"?

Vir enige navrae oor bogenoemde stellings in verband met Islam, skryf aan:

Die Sekretaris
Islam to the World
Posbus 2
LOTUSRIVIER
7945

Vir u gratis brosjure "What is Islam?" rig versoeke aan bogenoemde adres.

# Wêreldwye Tora-tekort in Joodse gemeenskappe

KAREN LOWE

WASHINGTON - Die saak waarin 'n rabbi se seun aangehou word as verdagte in die vlaag van diefstalle van Tora's, het die aandag weer eens op die wêreldwye tekort aan dié heilige Joodse geskrifte gevestig.

Die nuutgewonne geloofsvryheid in Oos-Europa, die uitvloei van Sowjet-Jode na Israel en groeiende Joodse gemeenskappe in Amerika het 'n geweldige vraag na dié Joodse wette en wyshede laat ontstaan.

Met die Joodse Paasfees wat tans wêreldwyd gevier word ter herdenking van die Joodse bevryding uit slawerny in Egipte, vorm die Tora die fokuspunt vir Joodse gemeenskappe wat vir gebed bymekaarkom.

Dit neem 'n skrifgeleerde sowat 'n jaar om die Tora per hand op perkamentrolle oor te skryf - streng volgens Joodse wet. Sommige skrifgeleerdes het 'n waglys vir Tora's wat tot 26 000 dollar stuks kos.

"Hulle is baie waardevol," sê rabbi Raphael Malka, wat klas gee by die Hebreeuse Akademie in Silver Spring, Maryland. "Mense wat vinnig geld wil maak, steel die rolle en verkoop dit dan. Daar is altyd 'n vraag na Tora's."

Die polisie en rabbi's is dronkgeslaan oor hoe 'n sekere dief geweet het wanneer om ongesiens in tien sinagoges in Philadelphia, Pensylvania in te glip en Tora's te steel.

"Hy moes geweet het hoe 'n sinagoge werk," sê Michael Gilbert, 'n 38-jarige Joodse speurder wat die diefstal van sestien Tora's in die omgewing van Marion ondersoek. "Die dief moes geweet het watter dienste om by te woon en wanneer."

Gilbert sê dinge het inmekaar begin pas nadat hy 'n boodskap deur die nasionale polisienetwerk gestuur het en New York se polisie laat weet het dat hulle 'n man weens motordiefstal in hegtenis geneem en Joodse godsdienstige voorwerpe in sy besit gevind het.

Hy is Abraham Piotrkowski, die 35-jarige seun van 'n oorlede rabbi wat 'n winkel in Marion gehad het wat Joodse dokumente en godsdiens-tige artikels verkoop het.

Mev Piotrkowski het die gemeenskap gevra om haar seun se verskriklike misdaad te vergewe.

Intussen is daar al hoe minder Jode wat die eeue-oue professie as skrifgeleerde opneem, en Tora's word al hoe skaarser en duurder. - AFP.

# Inflasie en werkloosheid verjaag Argentynse jongmense

**BUENOS AIRES - Ongekende hoë inflasie en werkloosheid het duisende jong Argentiniërs laat besluit om te emigreer. Baie van die jongmense gaan terug na die lande vanwaar hul voorvaders gekom het om Argentinië se vroeëre ekonomiese voorspoed te help bou.**

**Die owerhede sê dié wat onderweg is na Spanje, Italië, Kanada, Australië, Amerika en Oos-Europa, hoop om 'n lewe van groter voorspoed buite Argentinië te vind. Sowat 'n derde van die huidige werkmag in die land is òf werkloos òf word onderbenut.**

**"Jongmense het nog altyd geëmigreer, maar dié keer kom hulle nie terug nie," het Cecilia Braslavsky, 'n kundige by die Latyns-Amerikaanse fakulteit vir sosiale studies volgens die dagblad Clarin gesê.**

**Die grootste toename in voornemende emigrante word by die Spaanse en Italiaanse konsulate ondervind waar jongmense dag en nag tou staan om die nodige dokumentasie te bekom.**

**Intussen het 'n winsgewende praktyk so met die toustanery kop uit gesteek - welgesteldes huur 'n "colero" teen sowat 20 Amerikaanse dollar wat dan vir hulle plek hou in die ry voor die konsulaat.**

**Ontleders skryf die migrasietendens nie net aan die ekonomiese krisis in die land toe nie, maar ook aan die nasionale identiteitskrisis wat Argentinië tans beleef.**

**Sowat tagtig persent van die land se 32 miljoen inwoners is van Italiaans of Spaanse herkoms.**

**Ironies genoeg was dit juis die grootskaalse Italiaanse, Duitse en Spaanse immigrasie wat in die jare ná 1880 Argentinië gebou het tot die welvarendste, mees ontwikkelde en geïndustrialiseerde land onder die Latyns-Amerikaanse nasies. Soos die meeste Latyns-Amerikaanse lande, het Argentinië egter die afgelope paar jaar ekonomies al hoe swaarder gekry.**

**In Januarie het die regering van president Carlos Menem 'n streng ekonomiese program in werking gestel wat daarop gemik is om die nasionale geldeenheid te stabiliseer en inflasie, wat in 1989 aan die 5 000 persent gevat-vat het, onder beheer te bring. - AFP.**

## Russiese Jode op soek na die groot droom

# 'My enigste begeerte is om in vrede te lewe'

PATRICK ANIDJAR

TEL AVIV - Jode uit die Sowjet-Unie kom die afgelope jaar in hul duisende in Tel Aviv aan op soek na die "Amerikaanse droom" in Israel.

In hul oortuiging dat sosialisme van die bose is, is die meeste van dié immigrante geharde kapitaliste met drome van groot huise, motors, kleurtelevisiestelle en ander aanloklike verbruikersgoedere.

Hoewel die meeste van dié mense in vrede in Israel wil woon, het van die immigrante besluit om hulle tussen die Palestyne in die besette gebiede te vestig sodat hulle gebruik kan maak van sekere aansporingspakkette.

Gregory Gordan, 'n 42-jarige elektrisiën en pa van drie wat van Riga, Latvië af kom, sê hy het genoeg gehad van al die moeilikheid in die Sowjet-Unie en om daardie rede wil hy nie sy lewe onder die Palestyne gaan waag nie.

"My enigste begeerte is om in vrede te leef en om my lewenstandaard te verhoog. Om óp die Wes-oewer te bly, kan my net werkloos laat en 'n moontlike vredesooreenkoms in dié gebied vertraag."

Amptenare van die Israelse departement van binnelandse sake en die Joodse agentskap wat verantwoordelik is vir die vestiging en inskakeling van die immigrante, sê 60 persent van die aankomelinge uit die Sowjet-Unie woon in Tel Aviv en omstreke, 30 persent in Haifa en tien persent van die immigrante woon in Jerusalem en aangrensende dele van die Wes-oewer. Volgens die agentskap het nog net een persent van die immigrante aangedui dat hulle graag op die Wes-oewer sal wil woon en nog niemand het enige begeerte uitgespreek om in die Gaza-strook te gaan woon nie.

Die Sowjet-Jode wil meestal in die groot stede en industriële gebiede woon omdat hulle glo dat hulle daar die geleentheid sal hê om ekonomies en materieel vooruit te gaan.

Dié houding, waar geen nasionale geesdrif te bespeur is nie, het ver-regse groepe ontnugter. Dié groepe het gehoop om nuwe steun te werf vir hul oortuiging dat Israeliese sekuriteit hervestig kan word deur die bewoning van besette gebiede.

Die Tehiya-party, wat lank reeds daarop aandring dat Israel die Wes-oewer en Gaza-strook moet annekseer, versprei pamflette by die Russiese immigrasie-sentrums waarin die lewe in Judea-Samaria opgehemel word: "...oulike kothuisies met tuine teen die aanloklikste pryse."

Een van die mense wat wel besluit het om hom in die besette gebied te vestig, is die skilder Victor Kaplansky.

"Ek het begin om die Palestyne te haat na dat Sowjet-televisie aanhoudend berigggewing gedoen het oor die 'arme Arabiere' wat doodgemaak word deur 'moordlustige soldate', en Yassar Arafat wat as 'n held voorgehou is."

"My ambisie is om die groen berge van Samaria te skilder", sê Kaplansky - "sonder die Arabiere wat tans daar woon." - AFP



Yasser Arafat, die leier van die PLO

*(Foto: AP)*

# PLO gereed vir onderhandeling

TUNISIë - Die Palestynse Bevrydingsorganisasie is gereed om dialoog te voer met enige Israeliese regering. Dít is die standpunt van Abu Iyad, tweede-in-bevel van die PLO.

"Ons wag op 'n verklaring van Shimon Peres... na die stem van vertroue in die parlement", het Iyad in 'n onderhoud met Agence France Presse gesê.

Peres, van die Arbeidersparty, het beloof om vinnig stappe te doen om samesprekings met die Palestynse leiers op dreef te kry. Abu Iyad, ook bekend as Salah Khalaf, sê die PLO is bereid om met enige Israeliese regering wat 'n voorstel in dié rigting maak, te praat. Onlangse uitsprake deur Peres "wek die indruk dat menige struikelblokke in die weg van samesprekings reeds verwyder is". Iyad het egter gewaarsku dat dit nog nie 'n uitgemaakte saak is dat die Peres-regering tot vredesamesprekings sal kan oorgaan nie. - AFP.

## Zaïre se krokodilmense pla weer

**KINSHASA - "Krokodilmense" het die eerste keer in 30 jaar weer in Zaïre te voorskyn gekom en die afgelope maand 48 mense in die omgewing van Ubundu verslind.**

**Die Zambiese nuusagentskap AZAP sê die verdwyning van die vissermanne en hulle kano's is deur die parlementslid vir die Ubundu-gebied gerapporteer. Ubundu lê langs die Lualabarivier, stroom-op van Kisangani in die verre oostelike deel van die land.**

**Plaaslike owerhede is verontrus oor die uitbreek van die "duiwelse daad" en het onderneem om stappe daarteen te doen. - AFP**

# Grondwetlike debat ontbloot ware vraagstukke in Mosambiek

PAUL FAUVET

MAPUTO - Debat oor Mosambiek se nuwe ontwerpgrondwet is regoor die land in volle swang, maar tot nou toe blyk die gesprek ver verwyder te wees van wat die Frelimo-regering verwag het.

Toe pres Joachim Chissano die ontwerp in Januarie bekend gemaak het, het hy gesê dat burgers van die land moet besluit of hulle wil voortgaan met 'n eenparty-staat en of hulle na 'n veelparty-stelsel moet oorgaan.

Die ontwerpgrondwet maak voorsiening vir die verkiesing van 'n regeringshoof deur algehele stemreg per geheime stemming in vergelyking met die huidige stelsel waarvolgens die president van Frelimo outomaties die regeringshoof word.

Hoewel dié verwikkelinge menige Mosambiekse joernalis in ekstase gehad het, is die algemene publiek nie juis geïnteresseerd in dié sake nie.

Wat hulle egter wel doen, is om die huidige gesprekforum te gebruik om ander kwessies te lug - soos armoede en die hoë lewenskoste.

Van die mense is openlik vyandig. "Gaan sê vir die mense wat jou gestuur het dat ons doodgaan van die honger," het 'n man tydens 'n vergadering in Maxaquene, 'n woonbuurt van Maputo, aan die Frelimo-verteenwoordiger gesê. 'n Ander burger het gesê "hulle vra ons mening, maar op die einde neem hulle tog self die besluite".

Tydens 'n vergadering in die Polana Canico-woonbuurt het mense gekla oor die onwettige markte waar aansienlik meer goedere te koop aangebied word as wat in die winkels beskikbaar is.

Hulle het ook gevra waarom wit Mosambiekers en Asiate nie in die land se weermag dien nie en waarom private boere die landsvolk van hul grond onteien. 'n Vrou het kwaai opgemerk dat dit wat nou in die land gebeur een en dieselfde is as wat tydens die koloniale era aan die orde van die dag was.

Volgens instruksie van die Frelimo-regering mag niemand verkwalik word vir sy opinie nie en is die debat oop vir alle burgers van die land, ongeag politieke of geloofsoortuigings.

Voorstelle van al die vergaderings wat landwyd gehou word, sal deur 'n sentrale kantoor verwerk word en waar daar konsensus uit die inligting blyk, sal die grondwet ooreenkomstig verander word. Waar daar nie konsensus oor belangrike aangeleenthede bereik kan word nie, kan 'n referendum gehou word.

Laat vanjaar sal die finale ontwerpgrondwet voor die parlement vir finale stemming dien. - AFP

# Russe se trots in Amerika groei sterker

BERTRAND BOLLENBACH

WASHINGTON - Amerikaners van Russiese herkoms wat dekades maar stil gebly het, begin nou hulle stemme dik maak in die groot Amerikaanse koor.

Amerikaners van verskeie etniese groepe - mense van Armenië en die Oekraïne, is trots op hulle herkoms en neem lank reeds deel aan die politieke debat in die land.

Vir baie jare het Russiese immigrante, wat juis van onderdrukking in die Sowjet-Unie gevlug het, ook in Amerika stigmas aan hulle voel klou. Sommige het selfs hulle vanne laat verander om nie as van Russiese herkoms uitgeken te word nie.

Ondanks vyandigheid het die Russe hulle kultuur behou en in stede soos San Francisco, Los Angeles, New York en Washington is daar Russies-ortodokse gemeentes en skole, hoewel dié soms deur onderlinge geskille verdeel word.

Die Russiese gemeenskap van Amerika het in 1973 sy eie nasionalistiese vereniging gestig, die Kongres van Russiese Amerikaners. Dié beweging beywer hom vir die bevordering van Russiese kulturele en geestelike gebruike en om die verskil tussen "Russies" en "Sowjet" by mede-landsgenote tuis te bring.

Eugenia Ordynsky, direkteur van die kongres, sê indien die huidige demokratiese wind wat oor die Sowjet-Unie waai, vasskopplek kry, sal dit "vir ons ook positief wees". Sy het egter ook die vrees uitgespreek dat die ontwikkelinge kan uitloop op 'n anti-kommunistiese militêre diktatorskap of die terugkeer tot 'n Stalinistiese regime. - AFP

# Unita gereed om gevegte te staak

PARYS - Unita sê sy magte sal oral ophou veg behalwe in die Angolese hoofstad, Luanda. Die rebelle sê in 'n verklaring wat in Parys ontvang is dat hulle egter baie hard op Luanda sal toeslaan indien die Angolese regering nie instem tot vredesamesprekings nie.


Volgens die verklaring wat van die Unita hoofkwartier Jamba afkomstig is, is die rebelle gereed om vyandelikhede onvoorwaardelik te staak ondanks die feit dat die MPLA sy offensief in die Quito-Kuanavale/Mavinga-streek volhou. Unita het regstreekse samesprekings sonder enige voorwaardes aangevra en voorgestel dat die eerste ontmoeting geheim gehou word en dat dit in Portugal plaasvind. In die verklaring het die rebelle hul volle vertroue in president Mobuto van Zaïre as bemiddelaar uitgespreek. Daar is ook onderneem dat Unita van sy kant af alle ooreenkomste wat die afgelope 15 jaar onderteken is, sal onderhou, mits vry en regverdige verkiesings - onder internasionale toesig - in Angola gehou word.

Intussen word uit Moskou verneem dat Amerika sy militêre hulp aan Unita verskerp. Volgens Boris Gan, Sowjet nuus-ontleder van die nuusagentskap Africa News Organisation, bereik ligte vuurwapens, artillerie, myne en Stinger-missiele Angola via Zaïre nadat dit in Kinshasa afgelewer is. - AFP en ANO

## *Van Aristoteles tot Branch*

# Verander ons houding jeens reptiele?

GROENPRAATJIES



TIENIE DU PLESSIS

VOLGENS berigte in die dagpers het 'n luislang in die Laeveld onlangs drie klein hondjies ingesluk. Die eienaar van die hondjies het die luislang redelik rof rondgepluk en die slang het sy ete opgebring. Een hondjie het oorleef en is dadelik "Jonas" gedoop.

Wat daarna gebeur het, is myns insiens merkwaardig. Jonas se baas het die luislang op sy bakkie gelaai en 'n aantal kilometer van sy plaas in die veld vrygelaat. Is daar 'n verandering in die mens se houding teenoor reptiele te bespeur?

Die gebruiklike verloop van so 'n storie sou tot die vernietiging van die slang lei. In die boek waaraan "Jonas" sy naam te danke het, is daar ook 'n opdrag dat die mens geen genade teenoor slange behoort te oorweeg nie - omdat die basis van alle "boosheid" in die slang gesetel is. Die meeste mense aanvaar dié siening as die enigste aanduiding tot optrede wanneer hulle met 'n slang te doen kry. Die idiomatiese stigma waaronder die term "slang" in bykans alle tale gebruik word, is 'n bewys van die minagting waarmee daar na reptiele gekyk word.

Die mens het 'n lang en fassinerende verhouding met reptiele. Aristoteles het alles wat destyds oor die Nyl-krokodil, skilpaaie, slange en akkedisse van Griekeland bekend was, in sy "Historia Animalium" opgeteken. Sedertdien het daar 'n groot aantal geskrifte oor dié afdeling van die diereryk die lig gesien.

Daar is tans 'n ongekende belangstelling in die "herpetofauna" van ons sub-kontinent. Die baanbrekerswerk van Vivian FitzSimons ("Snakes of Southern Africa", 1962 - indien jy 'n oorspronklike kopie het, is jy nou 'n ryk mens), word deur 'n verskeidenheid van nuwe navorsingsprojekte vervang. In die Kaap is die taksonomie van 59 persent van akkedisse reeds verander. Altesame 27 persent van SWP de Waal se studie (1978) in die Vrystaat het uit nuwe rekords bestaan. In die Transvaal het die herpetologiese navorsing van Niels Jacobsen 'n hele aantal nuwe spesies aan die lig gebring - meestal akkedisse en geitjies. Bill Branch se "Field Guide to Snakes and other Reptiles of Southern Africa", Struik, 1988, kan tans as die gesaghebbendste publikasie beskou word - 'n moet vir jou boekrak.

Ondanks dié kennis-basis is daar nogtans 'n irrasionele vrees vir slange en ander reptiele by baie mense. Dit is natuurlik omdat daar slange is wat gevaarlik en selfs dodelik vir die mens is; daar word gevolglik heelwat klem op dié uitsonderlike slange geplaas. Wonderlike slangstories het ook dan hierin hul oorsprong. Tog is slegs 24 van die 78 soorte slange wat in die Transvaal voorkom, gevaarlik. En selfs die dodelike spesies speel 'n belangrike balanserende rol in hul omgewing - knaagdiergetalle word byvoorbeeld uitstekend deur kobras en pofadders beheer.

Slange is nie van nature aggressief teenoor mense nie. Dit is 'n vreemde gedagte dat dié kobra kwaad vir jou is omdat jy in sy veld stap, is dit nie? Hou hom dop en kyk hoe stil hy in die gras wegglip. 'n Pofadder sal soms stil lê om nie aandag te trek nie, maar dit is nie 'n "hinderlaag" nie!

In ieder geval kan jy maklik enige slang stof in die oë skop. Die spoed van slange word grootliks oorskat. Dit is te betwyfel of die spoed van selfs ons vinnigste slang - die geelpenssandslang - 8km/h oorskry. Selfs wanneer 'n pofadder of gaboenadder byt, is die beweging nie vinniger as 12 tot 16km/h nie; jy kan jou hand gemaklik vinniger beweeg.

Die meeste bytgevalle in Suid-Afrika is deur pofadders en gewoonlik aan die enkel of voorhand wanneer vuurmaakhout versamel word. Met ander woorde 'n mens moet jou oë oophou in die veld. Dra, as jy kan, altyd stewels wat jou enkels beskerm en wees rustig.

Indien jy wel ongelukkig is en gebyt word, moet jy steeds rustig bly. Probeer die slang wat jou gebyt het identifiseer en soek die naaste mediese hulp op. Die era van die onmiddellike teengif-inspuiting is agter die rug. In baie gevalle is die reaksie op die teengif erger as die slangbyt self en met enkele uitsonderings is daar meer as genoeg tyd om 'n hospitaal of geneesheer te bereik.

Onthou dat die mense wat gebyt word, gewoonlik dié mense is wat slange hanteer; hulle weet ook gelukkig onmiddellik wat gedoen moet word. 'n Vriend van my is al drie keer deur 'n swart mamba gebyt en leef nog - hy is 'n herpetoloog en stel voor dat 'n mens nie onnodig met slange "rock-'n-roll" nie.

Aan die begin van die Tweede Wêreldoorlog het 'n bekommerde Jan Smuts 'n aantal wetenskaplikes beveel om slange in die Noord-Transvaal aan te keer, omdat daar 'n tekort aan serum kon ontstaan wanneer die troepe in die Noorde deur hordes slange aangeval word. Rekords vertel dat daar slegs 14 slangbytgevalle gedurende die hele tydperk van vyandigheid onder die Suid-Afrikaanse magte aangeteken is; nege hiervan onder die manne wat die slange moes gaan vang het!

Slange is natuurlik giftig omdat hulle moet eet. By die meeste slange hou giftigheid verband met die grootte van die prooi.

By baie mense sou die byt van 'n rooilippie soos die irritasie van 'n bysteek wees, maar dit is goed genoeg vir dié slangsoort se gebruiklike kos (paddas, klein akkedissies, ensovoorts).

'n Oubaas van Noord-Transvaal het die volgende oor die swart mamba te vertel: "Die 'loodslang' byt nie vir elke bakatel nie; net as hy honger het!" Dit vorm een van die raaisels rondom gevaarlike slange. Die gif van die swart mamba is neuro-toksies en met 'n beskikbare 100 tot 400 milligram van die gif (10 tot 15 milligram is dodelik vir mense), is die mamba natuurlik 'n gevaarlike kalant.

Mambas is groot slange, hulle groei tot 'n lengte van 200cm in hul eerste jaar, 'n maksimum van 430cm is reeds opgeteken. Die mamba byt sy prooi (voëls, dassies, rotte) totdat die gif sy werk doen.

Hoekom sou die gif so sterk wees dat dier en mens gedood kan word selfs al sou die slang dit onmoontlik vind om te eet? As beskerming sou die gif 'n oombliklike reaksie moet veroorsaak indien dit doeltreffend wil wees. Selfs al byt 'n mamba 'n mens het jy nog 'n buitekans om die slang te vernietig; dit is nou voor jy self omkap.

Op die oog af lyk die gif wat 'n mamba tot sy beskikking het na 'n klassieke geval van "overkill". Hoe verklaar 'n mens dit? Het iemand 'n antwoord? Ons weet die mamba is territoriaal. Hulle sal probeer wegkom van versteuring, maar sal met beslistheid hulself beskerm wanneer hulle in 'n hoek vasgekeer word.

Nietemin, 'n werklik indrukwekkende gesig is die beweging van 'n groot mamba in die veld - die slang sal 'n derde van sy lengte oplig, 'n klein bakkop trek en met 'n sis-geluid sy swart mond ooptrek as hy gekonfronteer word. Beweeg liefs weg van die slang af en hy sal self retireer - met 'n duidelike ritseling en statig opgelig deur die gras. Jy is gelukkig om só iets te sien. Mambas is skaars.

*Tienie du Plessis is die mede-direkteur van Taurus-uitgewers*

# 'n Mens word nie sommer net afgedank nie

ARBEIDSAKE



THEO HEFFER

DIE onbillike ontslag van semi- en ongeskoolde werkers is iets wat 'n mens in die algemeen minder teëkom as in die verlede.

Die meeste werkgewers is vandag bewus van die beskermings wat werkers ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge geniet. Die demokratiese vakbonde het daarvoor gesorg dat die rol van die nywerheidshof en sy uitsprake oor onbillike arbeidspraktyke teen werkers wyd en syd bespreek word.

In die meeste organisasies word die regverdigheid hiervan aanvaar en bestuurspraktyke is opgeknap. Werkers word al hoe minder sonder goeie rede in die pad gesteek en indien dit gedoen word, kan die werkgewer hom voorberei op 'n brief van die vakbond en moontlike regstappe teen hom.

Maar dit wil tog voorkom of asof baie werkgewers en bestuurslede onder die wanindruk verkeer dat dié beskerming van die wet slegs swart werkers geld, of fabriekswerkers, of vakbondlede.

Dit is die enigste afleiding wat ek kan maak in die lig van die talle onbillike ontslaggevalle van bestuursmense en senior personeel wat ek deesdae teëkom - almal persone wat normaalweg nie by 'n vakbond sou aansluit nie.

Behalwe vir landbouwerkers, staatsamptenare en huisbediendes, geld die wetgewing aangaande onbillikke arbeidspraktyke, soos al ons arbeidswetgewing, vir alle werknemers, ongeag hul ras of senioriteit. Die omskrywing van 'n "onbillike arbeidspraktyk" is besonder wyd, maar die uitsprake van die nywerheidshof neig al hoe meer na die regverdige standaarde soos vervat in die konvensies van die Internasionale Arbeidsorganisasie.

In die geval van diensbeëindiging deur 'n werkgewer, word slegs drie redes as billik beskou: wangedrag, onbevoegdheid of bedryfsbenodighede.

As 'n bevoegde werknemer met twintig jaar diens, wat hom/haar nooit skuldig aan enige wangedrag in die werkplek gemaak het nie, slegs met die vereiste kontraktuele kennisgewing afgedank word, is dit duidelik 'n onbillike arbeidspraktyk.

Die wet bepaal dat 'n praktyk onbillik is as dit die uitwerking dat 'n werknemer "onregverdig daardeur geraak word" of dat sy/haar werkgeleentheid of werksekerheid onregverdig benadeel word. Ek het mos gesê dis wyd gestel!

Maar wat van die derde rede, naamlik bedryfsbenodighede? Dit word aanvaar dat ekonomiese skommelings, meganisasie, herstrukturering ensovoorts aanleiding kan gee tot die vermindering van beskikbare poste.

Internasionale standaarde, wat deur die nywerheidshof onderskryf is, vereis egter dat werkgewers in sulke gevalle sekere stappe moet doen voordat hulle werknemers in dié oortollige poste kan afdank.

Werkgewers moet byvoorbeeld stappe doen om diensbeëindigings weens oortollige poste te verminder of vermy. Oorplasings moet oorweeg word; opleiding vir ander werk is dalk moontlik en nuwe indiensnemings moet vroegtydig gestaak word. Daar is ander stappe ook, maar die hof sal oortuig wil wees dat alternatiewe stappe oorweeg is en dat dit werklik nodig was om die werknemer se diens te beëindig.

In die tweede plek moet die werkgewer die betrokke werknemer genoegsame waarskuwing gee dat sulke ernstige stappe oorweeg word. Die bedoeling is dat konsultasie moontlik moet wees voordat diensbeëindiging 'n afgedwonge feit word. Die redes moet verduidelik word, sodat alternatiewe tot diensbeëindiging deeglik ondersoek kan word. Die faktore wat bepaal dat sekere werkers se dienste beëindig sal word terwyl ander in diens sal bly, moet ook bespreek word, sodat dit op 'n regverdige basis kan geskied.

Die hof sal tevrede wil wees dat daar nie ligtelik en sonder goeie rede met diensbeëindiging voortgegaan word nie, en as dit noodwendig is, die betrokke persone op 'n regverdige basis vir diensbeëindiging bepaal word.

Onregverdige en arbitrêre diensbeëindiging moet nie onder die skyn van oortolligheid van poste plaasvind nie.

Dit is ook die rede waarom daar gewoonlik in die geval van oortolligheid bykomende vergoeding by diensbeëindiging betaal word. Dit neem die angel uit die onaangename gebeurtenis. Die feit dat die werkgewer bykomende vergoeding moet betaal, verseker dat daar nie ligtelik tot dié stap oorgegaan word nie. Dié vergoeding word gewoonlik op die tydperk van vorige diens gegrond. Dit dien as erkenning vir die werknemer se bydrae tot die maatskappy se welvaart, maar dra ook by om die werknemer en sy/haar gesin te help in die tydperk van werkloosheid wat voorlê.

In 'n onlangse uitspraak van die nywerheidshof is daar gevind dat 'n weiering in prinsiep om bykomende vergoeding by diensbeëindiging weens oortolligheid te betaal, 'n onbillike arbeidspraktyk uitmaak.

Die hof het daarop gewys dat 'n langdienswerknemer veral, 'n eienskapreg in sy pos verdien. Werkgewers mag nie na willekeur daarmee probeer wegdoen nie.

In die belang van die hele samelewing is dit 'n funksie van wetgewing om die mag van die sterker party te beperk ter beskerming van die swakker.

In dié sin is die onbillike arbeidspraktyk-wetgewing funksioneel, en dra dit by tot 'n regverdiger en meer demokratiese samelewing.

*Theo Heffer is 'n konsultant in Arbeidsverhoudinge*

*Vrye* **Weekblad**

## Die man met twee gesigte

Hoofman Mangosuthu Buthelezi van Kwazulu is 'n swart leier wat hoog aangeskryf staan in die Weste en onder seker die meerderheid blanke Suid-Afrikaners.

Sy uitsprake teen geweld en sanksies en ten gunste van 'n kapitalistiese stelsel is veral die redes daarvoor. Sy histeriese teenstand teen die ANC maak hom selfs deesdae in regse kringe bemind.

Buthelezi is beslis nie 'n politikus in dieselfde klas as die korrupte Sebe's en Mantanzima's en Mahlangu's nie. Hy het sonder twyfel 'n relatief sterk gevolg en moet 'n deel van die krediet kry daarvoor dat groot apartheid nie geslaag het nie. As hy toegegee het aan druk om onafhanklikheid vir Kwazulu te aanvaar, sou die politiek waarskynlik vandag anders gelyk het.

Maar dit het tyd geword dat Buthelezi se werklike rol in die Suid-Afrikaanse politiek van vandag en in die streekspolitiek van Natal brutaal eerlik bekyk word.

In 1990, met sy bloedvergieting, hoë politieke temperatuur en met onderhandelinge voor die deur, durf 'n mens nie meer doekies omdraai of onverwantwoordelike, oorlog- en magsugtige politici met handskoene hanteer nie.

Ons glo Buthelezi nie meer wanneer hy so hoog opgee oor sy teenstand teen geweld nie.

Daar is meer as genoeg getuienis dat sy Inkathabeweging en sy tuisland se polisie eerder 'n instigerende as 'n vredemakende rol speel in die tragiese geweldpleging wat die laaste weke 'n epidemie in Natal geword het. Die Kwazulu-polisie is brutaal in hul hardhandigheid en partydigheid teenoor politieke teenstanders, en al die krygshere wat vir soveel van die geweld geblameer word, is Inkatha-ondersteuners.

Hoeveel keer was van sy Inkatha-leiers en parlementslede nie al voor die hof gesleep vir geweld nie? Ons kan nie onthou dat Buthelezi een van hulle ooit openlik gerepudieër of uit Inkatha geskors het nie.

Met sy herhaalde standpunt dat hy teen geweld is, maar nie sy mense kan keer as hulle hulself wil "verdedig" nie, het hy onder sy ondersteuners die indruk geskep dat hy aanvalle op teenstanders goedkeur. Deur sy versuim om teen geweldenaars in Inkatha en teen krygshere op te tree, het hy die indruk geskep dat hy hul optrede stilweg kondoneer.

Ons het ook al genoeg gehoor van mense wat gruwelike stories vertel van wat met jou kan gebeur as jy Inkatha durf teenstaan. Kwalik die werk van iemand wat sterk in die demokrasie glo. Eerder kenmerkend van die houding van 'n stam-despoot van 'n paar geslagte gelede.

Ons vind Buthelezi se swaar klem op Zoeloestamgebondenheid ook heeltemal uit pas met die prosesse wat tans in ons land aan die gang is. Wat meer is, dit kan uiters gevaarlik word in die dae wat voorlê.

In die nasionale politiek vind ons Buthelezi 'n verdelende faktor, 'n dubbelprater en 'n magsugtige politikus wat konfrontasie soek.

Natuurlik is daar ook nie veel engele aan die ander kant van die bloedige stryd in Natal nie, maar as Buthelezi nie geglo het aan politieke mag ten alle koste nie, sou dit sekerlik vandag heelwat anders gelyk het in dié getraumatiseerde gemeenskap.

Miskien moet FW de Klerk nog 'n maal dink voordat hy Buthelezi so gretiglik as 'n bondgenoot aanvaar.

Miskien moet Bush en Thatcher en Kohl 'n slag die werklikheid van die situasie in Natal beter probeer verstaan voordat hulle vir Buthelezi die rooi tapyt uitrol.


Agter die "gematigde" masker skuil waarskynlik 'n heethoof wie se vredeliewendheid en agting vir demokrasie net veldiep gaan.

## So sê hulle . . .

"Daarna sal die groot uitdaging wees om die groot gaping tussen blanke en swart onderwys te oorbrug sonder om die gehalte van die goed georganiseerde blanke onderwysstelsel te verlaag." - Nahas Angula, Namibia se minister van onderwys

"Hoe lank sal die kerk sukkel om ons uit te hou, om te ontken dat God ons net soveel geroep het as mans, dat dit nie van jou vervlakste geslag afhang nie..." - Helena de Swardt, 'n afgestudeerde vroulike teologiestudent.

"Gaan en kies vir jou 'n huis vandag in 'n blanke gebied. Wanneer ons oorwin, sal die huis joune wees!" - 'n smeerpamflet wat in die naam van die ANC uitgegee is.



## BRIEWE

# Dié mense hoort nie in 'n nuwe Suid-Afrika

**Hendrik Jaars van Bloemfontein skryf:**

Met verwysing na Karel van der Merwe se brief, "'Opdrifsel' oplaas in die regte perspektief" (Vrye Weekblad 16 Maart 1990), die volgende:

Dis is inderdaad die aakligste skrywe wat ek ooit onder oë gehad het. Dit is ondenkbaar dat 'n mens sulke twak en niksseggendhede soos hy kan kwytraak.

Hy sê: "Dat 'n Afrikaner so bliksems laag kan daal om die swartes op te sweep gaan my te bowe." Dit is noodsaaklik dat 'n mens wat so redeneer weer eens reggehelp moet word. Wanneer daar gepraat word van "Afrikaner", word daar terselfdertyd van "nasionalisme" gepraat.

Genl JBM Hertzog het 'n mooi definisie van nsionalisme gehad: "Suid-Afrika Eerste!" Daarom neem ek aan dat om 'n Afrikaner te wees, is om jou bors in die buiteland te kan uitstoot en te kan sê: "Ek is van Suid-Afrika."

Dit sal interessant wees om te hoor wat Van der Merwe se definisie van nasionalisme is. Sy brief getuig daarvan dat hy Vrye Weekblad met oogklappe aan lees. Daar sal ook niks van sy dreigemente kom nie, trouens dit is gelykstaande aan goggamaak-vir-baba-bang-stories.

Dit is juis sulke elemente in ons samelewing wat versoening en demokrasie verhoed. Om die waarheid te sê, sulke mense hoort nie in die nuwe Suid-Afrika nie. Hulle vasklouery aan hul kru en walglike rassisme sal maak dat hulle vir ewig vreemdelinge op die vasteland van Afrika word.

Ek salueer Vrye Weekblad vir die dapper wyse waarop die koerant die waarheid aan die publiek oordra. Vrye Weekblad het die eerste keer werklik bewys gelewer van wat die roeping van die pers is. Waar daar nou beweeg word na demokrasie, is die pers se rol in 'n veranderde Suid-Afrika onontbeerlik. Wat egter onbetwisbaar is, is dat Vrye Weekblad voortgaan om mense uit daardie versmorende houvas van die propaganda-blaaie te haal.

Die uitdaging om 'n bestendige en demokratiese bedeling te skep wat die belange en menings van alle Suid-Afrikaners weerspieël, is die pers se rol. Die sukses van dié uitdaging kan net teweeggebring word wanneer daar wegbeweeg word van toesmeerdery en onverantwoordelike uitlatings, en Suid-Afrikaners op hoogte is van wat in hulle Vaderland aan die gang is.

Dit gee my ook die geleentheid om vanuit die Vrystaatse hoofstad hulde te bring aan Vrye Weekblad wat op so 'n waardige wyse help bou aan die nuwe Suid-Afrika.

### Alexandra-ontmoeting

**Obed Badela van Bramley skryf 'n ope brief aan die mense van Johannesburg, Sandton en Randburg:**

We, the people of Alexandra, invite you, your family and friends, to visit our community, meet with us and share a meal.

History has divided us. We, the people of Alexandra, have met the people who participate in protest marches, but it is you and I, the ordinary people of South Africa who need to discuss our common destiny.

Let us talk, let us find our common ground. Let us be friends, not distant neighbours.

We will slaughter cows for the celebration feast, the women of Alexandra are brewing beer, our cultural groupings are rehearsing songs and traditional dances.

The Five Freedoms Forum, an anti-apartheid group in the white community, is helping with arrangements. They will meet you at the parking area west of Dion's of Arkwright avenue, Wynberg on April 21st at 1.00 pm.

We look forward to meeting you.
Alexandra Civic Organisation
Alexandra Womens's Congress
Alexandra Youth Congress
Alexandra Student Congress

Transport will be provided for the disabled and the elderly, from the parking lot to the picnic area and back.

### Grootlieg

**Dr PJD Lourens van Queillerina skryf:**

Elke land het 'n gedissiplineerde polisiemag nodig. Die polisie doen dikwels gevaarlike, moeilike dog nodige werk.

Sedert Sharpeville het die SAP egter in 'n gevaar vir die samelewing ontaard. Onder Strijdom, Verwoerd, Vorster en Botha was Suid-Afrika 'n polisiestaat wat sterk ooreenkomste met die Hitler-, Stalin- en Ceausescu-bewind vertoon het. Fantastiese nagmerries (oud-polisiemanne wat in misdadigers ontpop, marteling, dood van aangehoudenes, moordbendes...) het alledags geword.

Onlangs is majoor Terblanche, wat blykbaar dié soort polisie-amptenaar was waarop enige land trots kan wees, koelbloedig vermoor. Amptenare het daarop sy "moordenaar" doodgeskiet en bisarre storie die wêreld ingestuur wat heelhuids deur die Kommissaris, die Kabinet en die kiesers ingesluk is.

Ons is so gewoond daaraan dat dat "verdagtes" wat "probeer ontsnap", onwettig tereggestel word, dat die soveelste grootlieg nie opval nie.

In plaas daarvan om die leiers van Inkatha en die ANC/UDF toe te laat en aan te moedig om die geskil in Natal vreedsaam by te lê, het die SAP met sy gedurige inmenging dié provinsie in 'n soort Lebanon omskep.

Nou het Wet en Orde ook samesprekings tussen die regering en die ANC laat afspring. Met vriende soos Vlok het die Republiek nie vyande nodig nie.

### Chris loop deur

**Alfred Hinkel van die Jazzart Dans-ateljee skryf:**


In response to Chris Pretorius' article "Dooie eend in Tutu" (9th March), three things are worth mentioning:

1. Mr Pretorius was not present at the Dance Umbrella Symposium, so he had no first-hand knowledge of what I said during the discussion.

2. The quotation that Mr Pretorius credits me with is totally distorted and inaccurate.

3. In view of the above, in anybody's eyes, Mr Pretorius' article is uninformed and eztremely irresponsible.

*(Chris Pretorius antwoord: 1) Dit is ver te moeilik om simposiums by te woon want ek val aan die slaap sodra mense oor kultuur praat. Dus moet ek maar op hoorsê staatmaak. 2) As mnr Hinkel nie van die quote hou nie sal ek dit maar vir iemand anders moet gee. 3) Ek het myself nog nooit as verantwoordelik voorgedoen nie - Ek het wel van mnr Hinkel se werk gehou.)*



**Vir dié wat traag - of te lui - is om 'n pen en papier te vat en hul mening te lug, is daar 'n ander opsie. Meer daaroor op bladsy 22.**

Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113.

# Rhodesië II - laat die swartmense regeer, ons sal die geld maak

PRIVATISERING is nou in die lug soos 'n slegte griep. En hoe nader Suid-Afrika kom aan 'n situasie waar die meerderheid landsburgers gaan regeer, hoe groter word die geesdrif - of sal 'n mens sê, hoe erger word die epidemie.

Kan dit dalkies wees dat die wittes alle ekonomiese mag uit die hande van die regering wil hê teen die tyd dat die ANC regeer? Dat hulle, soos die klomp Rhodesiërs, al klaar geabdikeer het en sê die swartmense moet maar regeer, ons sal die geld maak?

* Nee, magtig, Brolloks het gedink daar steek meer in die Boere as dit. Dis mos 'n ou Engelse koloniale manier van dink. Die Afrikaners het werklikwaar pap geword as hulle nie kans sien om hul man (vrou?) te staan as deel van die nuwe Suid-Afrikaanse nasie nie.

## Skertsnet

Ewenwel, die snazzy naampies waarmee die geprivatiseerdes nou na vore kom, is al weke lank 'n bron van groot vermaaklikheid. A lá Spoornet. Laat Bittergal ook maar sy straaltjie by piepie.

Privatiseer die staatsdiens en noem dit Klanet. Privatiseer die BSB en noem dit Moornet. Privatiseer die AWB en noem dit Walgnet. Privatiseer die SAUK en noem dit Liegnet.

* En privatiseer die Nasionale Party en noem dit Net Wat Jy Wil...

## Held of verraaier?

'n Leersame brokkie vir Suid-Afrikaners uit Oos-Duitsland. Eerwaarde Rainer Eppelmann, 'n man wat agt maande in die tronk gesit het omdat hy tydens sy militêre diensplig geweier het om wapens te dra, is pas as dié land se nuwe minister van Verdediging aangewys.




So word vandag se verraaier môre se held.

So, kan Bittergal vandag sonder vrees vir teenspraak sê, sal die gehate End Conscription Campaign van vandag eendag hoog geag en hul lede wat vandag in die tronk sit, as helde geëer word.

* Charles Bester as minister van Verdediging in die jaar 2000?

## Die wiel draai

Brolloks se redakteur het dié week vir 'n slag 'n brokkie goeie nuus ontvang. Ses aanklagte ingevolge die mediaregulasies - beweerde oortredings van Desember 1988 - is deur die Prokureur-generaal van Transvaal, herr Klaus Otto von Lieres und Wilkau, teruggetrek.

* Die Goeie Vader behoede ons as dié formidabele heer, bastion van wet en orde en totale aanslag wat jy al die tyd was, ook 'n soft liberal word. Of begin selfs dié mense die skrif aan die muur sien?

## Winde inderdaad

Brolloks sit laas naweek die vinnige verandering in ons land en bepeins en dink toe skielik aan woorde wat dertig jaar gelede gesê is. Dit is nou meer waar as ooit tevore, maar het ons volksvaders destyds maar daarna geluister...

"The most striking of all the impressions I have formed since I left London a month ago is the strength of African national consciousness. The wind of change is blowing through the continent. Whether we like it or not, the growth of national consciousness is a political fact."

* Harold Macmillan in die Parlement op 3 Februarie 1960.

## Skieters en skyters

Laat Brolloks dink aan 'n ander bekende uitspraak van jare gelede. Iemand wat nogal gewild is in verregse kringe in Suid-Afrika. Net jammer hulle kan nie eens dieselfde sê as hy nie - nie met die soort paranoïa wat ons die laaste week in regse kringe gesien het nie...

"Wir sind allezeit Schiesser gewesen, niemals aber Scheisser." (Ons was nog altyd skieters, maar nooit skyters nie.)

* Gestapo-hoof Hermann Goering in 1938.

## Kind-hearted homemakers?

Afskuwelike propaganda, dié storie dat al die KP-leiers nare, dom rassiste is. Hier is nou finale bewys dat hulle ook sensitiewe, dierbare en lieftallige mense is.

Dié brief kom van 'n bekende Volksraadslid van die KP, en is gerig aan 'n eensame vrou wat 'n advertensie in die Hoekie vir Eensames geplaas het. (Uit deernis het Bittergal die man se naam en telefoonnommer uitgelaat.)

*Hi Raindrops!*
*A few facts in telegram form.*
*Age 50 weight 90 kgs. 1,87m tall!*
*Businessman/Farmer also Member of Parliament*
*Love wining & dining, dancing and live theatre.*
*Own a few farms in the OFS. and one in the Transvaal. I am a cheerful, kind-hearted home maker; a super Sense of humour and no dependants! Dynamic and Young at heart!*
*Please phone 021/ after 19h0. I am Afrikaans speaking. I'm sending you a <u>estimable</u> fotograph. I would love an attractive intelligent lady to share many blessings! Due to the position I'm holding treat this letter and fotograph very confidentially!*
*Kind Regards*

# Ope brief aan sy Hoogdrawendheid Admiraal Doktor Buthelezi

## Liewe Mango

Ek is seker u sal nie aanstoot neem oor die vrugte-metafoor nie. Egbertus self is al 'n paw-paw genoem omdat hy nie sy hande kan tuishou nie, en Moeder 'n pampoen, om duistere redes.

Oswald is deliries gelukkig dat 'n kolom oor vrugte geskryf word, en u Hoogheid is darem al te fruity. Kom ons hou 'n fruitful discussion, soos u so lief is om te sê. Oor u Hoge self, waaroor u so lief is om te praat.

U sensitiewe Hoogheid is eintlik 'n moeilike wese om oor te skryf, die toeloop van prokureurs wat kwyl by die blote gedagte aan nóg 'n lasteraksie in u naam sal sweerlik dié sagmoedige skrywer versmoor met hul kollektiewe aftershave. Maar Egbertus het nie gekom om u te begrawe nie, maar om u te prys. Dis seker darem nie lasterlik nie, nie eens in u boek nie.

Iedergeval, die laaste aantal maande het heelwat opwinding daar in u Hoge geweste gesien. Dis nou nie dat Egbertus dit teen geweld het nie, 'n mens moet jou opsies oophou in die nuwe Zuid-Afrika, hoe meer wapens hoe minder spoed.

So kom jou armoede soos 'n rondloper, en jou gebrek soos 'n gewapende man, nè. Broeder ET kan gerus kennis neem van die gebrek-gedeelte van die pragtige verse. Haai, daar dwaal die uwe af, hoogs out of character.

Om nou by die brass tacks uit te kom, Doktor (terloops, is dit u Hoge




self of die lage SAUK wat daarop aandring dat u Doktor genoem word? Seg Moeder sy was nie bewus dat Doktor verder gaan studeer het nie, u was mos nie in die tronk nie. Seg die draers van eredoktorsgrade soos comrade Mandela en comrade Suzman en comrade Hoofregter Corbett word dan nie as Doktor aangespreek nie, dalk is u 'n tandarts.), wat gaan daar in kwaai-Zulu aan?

As 'n mens die onverantwoordelike pers moet glo, is daar allerlei sluwe agendas in die gebied ter sprake. U Hoge, Sensitiewe en Hoogdrawende self het die ANC juis daarvan beskuldig dat hulle die geweld veroorsaak, omdat u Broederbond glo in die pad sou staan van die ANC se plan om 'n sosialistiese eenpartystaat op die been te bring. Come again? Lees Egbertus en u Hoogheid dieselfde ANC-beleidsliteratuur, vra ek in alle nederigheid, want ek matig my nie sommer dieselfde leesstof as u aan nie?

Die stomme Klaagvoorts, u moet tog maar verskoon as u kan, ons bak maar koeksisters en kweek groente en verstaan nie die werklike betekenis van hoge doktorale woorde soos "non-racial democracy" nie. Ook ontbreek die clairvoyance by ons om die beleidsbepalings van die ANC se beoogde ekonomiese konferensie by voorbaat te boekstaaf.

Maar u is helaas nie die enigste een wat sulke berekende uitlatings oor die geweld gemaak het nie. In vrindelike ou Engeland, waar comrade Mandela deesdae kan kies tussen staatshoofde en royalty, skryf 'n koerant dat "no organisation in SA is responsible for more bloodshed than Inkatha". Ons eie, na aan die hart Rapport skryf van aanvalle deur "Inkatha-impies".

Die volksvreemde Sowetan skryf dat die kerke iets aan die geweld sou kon doen, maar dat u tirade teen hulle nie juis help nie. Sou dit iets daarmee te doen hê dat die kerke die geld beskikbaar gestel het vir 'n onafhanklike ondersoek na die geweld deur 'n senior advokaat? (Dis seker nie van belang nie dat dié kommissie se tussentydse verslag bevind het dat Inkatha die verantwoordelikheid vir die geweld moet dra.) Al dié kommentators is gelukkig verkeerd en sommer plein moedswillig: het 'n hof dan nie onlangs bevind dat u impies het nie?

En dis darem vir almal ooglopend dat u u Hoge self ver van die oorlogsvelde hou.

Dit is natuurlik uiters voorbeeldig. Maar sou dit nie help as u die gebied pal besoek om u ondersteuners tot vrede te inspireer nie?

Egbertus neem aan dat u ondersteuners het, u sê dan gereeld self so, en hy neem ook aan dat u hulle kan beïnvloed, ten goede. Ek vra maar net.

Mango Brother, ek's nou moeg vir hierdie brief, dit wemel dan net van ü. Maar ek wil darem opmerk dat u nou angstig begin raak in die resies om 'n plekkie om die ronde tafel.

Sou u 'n snuf in die neus gekry het dat Zuid-Afrika se once favourite black nou veld verloor by die wittes omdat die ANC skielik vir beide die Skoon Administrasie én die publiek links van die Neanderthal-lyn aanvaarbaar geword het?

Hamba kahle; Moeder stuur onverstaanbare wense en Miesies Klaagvoort stuur 'n simboliese koeksistertjie in, vir die mantlepiece.

Groetnis, oftewel yours in confusion,

Klaagvoort.

## BSB-boortjies

Vrinde, so 'n opkikkertjie: die wetenskaplike gedoentes bereik darem nou onaanvaarbare hoogtes. Nou gaan die tandarts se boortjie glo vervang word deur 'n stil en pynlose laserstraal. Wat gaan van ons folklore word.

Seg Moeder dis vreeslik interessant, sy wonder nou of haar BSB-sel ook gaan ophou om boortjies op hul slagoffers te gebruik. Sou laserstrale ook mense oorreed om te beken? Seg Moeder K sy belaster die hand wat haar voed.

'n Flou glimlag kruip weg in die kriewels van Moeder se baard, soos die skrywer een maal gesê het.

## Waterverf

Glo my asseblief, geliefdes, Egbertus will not tell a lie, in elk geval nie dié keer nie. 'n Kunstenaar wat die mitologiese watergeeste van die Xhosa wil verf, wil gróter affiniteit met sy onderwerp bereik deur tien meter onder water te sit en verf, suurstoftenks en al.

'n Ware kunstenaarsiel aan die werk. Seg Moeder as sy 'n spook wil verf, sal sy ook maar in die kerkhof gaan posneem.


Seg Miesies Klaagvoort nou verstaan sy hoekom Jona in die walvis gaan bly het: hy wou die ding verf, en wou maar net 'n groter affiniteit met die bees aanknoop.

Seg Moeder dit was seker te donker in die walvis om te skilder, dalk is dit waar kunstenaars eindig wanneer hulle onder water sit en peuter aan die watergeeste. Moet Egbertus met sulke mense huishou?



Ons ontvang soveel telefoonoproepe van mense wat op die een of ander artikel - of sommer die koerant in die algemeen - reageer, dat ons besluit het om dié ruimte daarvoor in te span. Het jy iets op die hart? Bel ons en lug jou mening. Die nommer is (011) 836-2151. Een van ons verslaggewers sal nota's van die gesprek maak en 'n opsomming daarvan sal op dié bladsy geplaas word.

**Peet Jordaan van Boksburg: "Julle liberales gaan nog julle gatte sien. Wat dink julle doen julle? Dink julle vir een oomblik as julle nou voor die kommuniste kruip, hulle julle nie gaan doodmaak nie? Julle speel so reg in hulle hande, en dit gaan julle nog duur te staan te kom. Wees gewaarsku."**




# Kleinadvertensies

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Clara of Cathy (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 177, Fordsburg 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

## Persoonlik

Die Takhare vir Vrede vra: "Kan ons nie 'n kommissie aanstel om al die kommissies te koördineer, rasionaliseer en uiteindelik te elimineer nie?"

Die Bleskoppe teen Apartheid sê ons het lankal gegroet, generaal. Wat maak jy nog hier?

## Werk

Alle meisies en vroue, asook klein seuntjies en dogtertjies, om op sekere Saterdae as modelle vir ons modes in ons modeteater in Johannesburg op te tree. Geen ondervinding nodig nie. Vir meer inligting skakel (011) 834-4738 of (011) 836-9171 X 15 slegs in die aande. Of kom sien ons by The Star Spangled-promosies, 1st Vloer Connaught Mansions, Breëstraat 215, Johannesburg

Experienced committed tutor needed for a Saturday Education programme in Pretoria. Subjects: English, Afrikaans, Maths, Science, History, Biology & Geography. Teaching through the medium of English. Please phone Jenny (011) 339-2392

PARALAW
A (non profit making) legal association requires an Attorney. Preferably newly admitted, for more information phone (011) 838 4740

## Woonplek

Twee progressiewe vroue soek ruim "granny flat" in die University Estate - of Walmersgebied - lang termyn vanaf Mei of Junie, bel (021) 462 2358

GARDEN ROUTE: Riverside House, Great Brak River R50 per person per day B & B. Lunch/Dinner extra. River frontage. Splendid beach nearby. Phone (04442) 3387.

Nagraadse student of professionele persoon om aangename woonstel in Kenilworth, Kaap te deel, skakel (021) 619233 na 6nm

Bekwame, betroubare huishulp benodig akkomodasie in Brixton. Beskikbaar vir huiswerk drie dae per week. Werk reeds twee dae. Vergoeding onderhandelbaar. Vir getuigskrif en navrae skakel 782-471/6 kantoorure of 837-1358 na ure

JACOB RegoP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ........................

Adres: ........................

........................ Poskode: ..............

Telefoon: ........................

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

## Dienste

Tik- en vertaalwerk, bel Louise by (012) 46-6577

Set builder anytime period. Specialises in far away places. Good CV. For more information phone 788-4501

Yoga Class - A garland posture. Ashtanga, Iyengar, Hatha, Tantra, Kundalini. Private tuition available. Special classes for pregnant women. Please call Ushke at (011) 614-5398

TAROT readings
Uncovering what you really are, of letting yourself be yourself, of letting everything that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614-5398

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642 4345

Visual art courses
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evening for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm.

Vertaalwerk/proefleeswerk: Engels/Afrikaans, Afrikaans/Engels, alle tekste (ook tegnies). Billike tariewe. Faksdiens ook beskikbaar. Skakel Julia (021) 797-3412.

African Language: An introductory Zulu language and culture course will start early April. Twelve sessions will be held in evenings in Parktown for more information phone Viv at (011) 483 1572

CRAFTS
Have you got some unusual knick-knacks to sell at the Flea Market? Tel Manfred at (011) 788 3994

## Gebeure

SCRIPTWRITING SEMINAR: A panel discussion on the opportunities in writing for Television, film and corporation is planned for Sunday, April 29 at the Sunnyside Hotel, Parktown. Fee is R40 for members of the SA Scriptwriters Association and R75 for non-members. Information and registration available at PO Box 349, Eikenhof 1872, or phone 948 9257.

Die Johannesburgse Kindertehuis bied die volgende program aan: STEP-TEEN, program vir ouerpare - sistematiese onderrig vir doeltreffende ouerskap van TIENERS. Vanaf 25 April tot 20 Junie 1990. Die program word oor nege weke op Woensdagaande aangebied. Alle belangstellende ouers moet Joan Rubinstein of Cheryl Lyons skakel by 648-1120

Woensdag 18 April - U word uitgenooi om u wegneemete om 1nm na die USIS-ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's getiteld "The Wetlands (The video explores the richest and the least understood of America's landscapes)". Almal welkom.

Videos: The US Information Service has scheduled videos on conservation in the United States for Tuesdays in April at 3pm. On April 17 : The Wetlands (it explores the richest and least understood of America's landscapes). Screenings free of charge at USIS Library at the Ipelegeng Community Centre, 1283 Phora Dlamini Street, White City, Jabavu. Everybody is welcome

## Mark

For sale: Country Community - 6,25 acres R500 000 neg.
Accommodation 4 families and shared area and bachelor pad, and storerooms and workshop (needs attention) covered parking for nine cars, tractor and six implements, 3 phase power. Nine types of fruit trees, free range eggs and chickens - majestic trees! Breathtaking views! Rich birdlife, sweet bounteous borehole. Tranquil, revitalising surroundings in Halfway house. Excellent investment. East freeway access - 25 minutes to Braamfontein. Phone Denise or Joan (evenings) 805-1865

Illustrations, comics, logos and graphics designed and executed. Good, quick and cheap. Contact M Krouse and A Lord at (011) 339 6880 day and night

**KASHGAR Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566**

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**



Vrye Weekblad, 12 April 1990

# Gerber loop ses jaar te laat




**TINUS HORN**

DANIE GERBER se besluit om die Oostelike Provinsie vir die Westelike Provinsie te verruil, gaan dalk net die einde van sy loopbaan bespoedig en geen noemenswaardige uitwerking op die vertonings van die twee betrokke spanne hê nie.

Dat Gerber een van die beste spelers is wat Suid-Afrika nog opgelewer het, kan niemand betwyfel nie. (Wie sal ooit sy briljante drieëdriekuns teen John Scott se Engelse in 1984 op Ellispark vergeet?)

Op 32 is hy egter net nie meer die speler van ouds nie en dit sal geen verrassing wees as hy sukkel om die WP-span te haal nie. Hy moet met Faffa Knoetze - wat verlede jaar in sy afwesigheid die nommer 13-trui in die Springbokspan gedra het - en Christian Stewart meeding.

Deesdae is dit mos mode om te trek as jy weggelaat word en die WP kan met die oog op die lang termyn glad nie bekostig om Knoetze of Stewart te verloor nie.

Gerber sal dus beslis nie op sy reputasie, wat in elk geval aan't kwyn is, gekies word nie. Hy sal moet bewys hy verdien sy plek.

Dit is jammer dat Gerber aanvoer dat geld die rede vir sy besluit was. Dit bewys net weer (asof ons bewyse nodig het): die sogenaamde amateurkode is 'n grap.

Gerber het seker meer geld uit rugby gemaak as enige ander Suid-Afrikaanse speler. As die OP nou meen Adri Geldenhuys is meer werd as hy, moet hy hy hom eenvoudig daarby berus.

Ter verdediging kan 'n mens sê dat Gerber 'n gefrustreerde man in die OP was. Hy het sy beste rugby in die Springboktrui gespeel, waar hy die bal meer gereeld - en in gunstiger posisies - ontvang het.

In die OP-span, wie se agttal gewoonlik aan die ontvangkant was, was hy meestal onder druk, wat verhinder het dat hy sy vaart en krag behoorlik gebruik.

As hy wel vanjaar die WP-span haal, sal hy beslis meer kanse kry as in die verlede. Net die tyd sal leer of hy steeds toegerus is om dié kanse te benut.

As hy ses jaar terug al dié skuif gemaak het, sou geen provinsiale driedruk-rekord veilig gewees het nie. Die afgelope twee jaar was hy egter glad nie 'n faktor in die reeks om die Curriebeker nie.

In OP-rugbykringe is daar mense wat prontuit sê dat hulle beter af is sonder Gerber.

Hy was onder meer een van die voor-bakleiers in die vete tussen sy klub, Despatch, en die Universiteit van Port Elizabeth.

Gerber het uit sy pad gegaan om dinge so moeilik moontlik te maak vir UPE-spelers in die OP span. Op dié manier het hy daarin geslaag om twee van die OP se beste spelers, Garth Wright en Andrew Paterson, te verdryf.

(Hy wou twee Despatchers, Mynhardt le Roux en Coenie Strumpher, in die span hê. Albei het sedertdien van die toneel verdwyn, terwyl Wright en Paterson ontwikkel het in spelers van wêreldgehalte).

Die groot probleem het ontstaan met Despatch se onverwagte sege in die Toyota-klubtoernooi in 1985.

Piet Hancke, een van Despatch se top-beamptes (nou president van dié klub) het begin kla omdat daar na sy mening te min Despatchers in die OP-span was, en Gerber het kort voor lank sy voorbeeld begin volg.

Volgens Stan Terblanche, die destydse OP-afrigter, het Gerber se gesindheid byna oornag verander.

"Hy was vroeër een van die mees lojale spelers in die span. Ná Despatch se welslae wou dit lyk of OP-rugby glad nie meer vir hom belangrik was nie. Hy het openlik kapsie gemaak teen sekere spelers se insluiting."

Daar was in 1986 groot onmin toe Gerber hom aan die OP-span onttrek het omdat hy glo met 'n besering gesukkel het, maar 'n week later vir Despatch in die klubtoernooi gespeel het.

Ná die toernooi was hy eensklaps terug op die krukkerlys.

'n Mens kan net hoop dat Gerber sonder die las van kleinlike vetes - en die heldeverering waarmee hy in die Baai opgesaal was - weer vir oulaas sy beste vorm kan herwin.

Hy was een van Springbokrugby se blinkste sterre en verdien om sy loopbaan op 'n hoogtepunt af te sluit.

## Sportbeserings (5)

# Kraakbeen: 'n doeltreffende skokbreker

**HAZEL WOODWARD**

Kraakbeen is 'n taai, dik, elastiese weefsel. Die meeste van ons litte is met kraakbeen bedek om wrywing te verminder. Die kraakbeen is drie maal glibberiger as twee ysblokkies wat oor mekaar gly. In die knie kry ons twee veselrige, halfmaan-vormige kussinkies kraakbeen.

Soms word hulle in kontaksport beskadig en dan moet hulle uitgesny word.

Onthou egter dat kraakbeenweefsel die skokbreker van die knie is. Daarsonder is die knie veel kwesbaarder.

Moenie verbaas wees as jy 'n seer knie het en die dokter ondersoek jou voete nie.


David Merrick, 'n kampioen-hoërskoolatleet, moes ophou hardloop as gevolg van aanhoudende pyn in sy knie.

Hy moes veertien maande rus, spesiale oefeninge doen, kortisooninspuitings kry en uiteindelik 'n operasie ondergaan. Niks het gehelp nie. Die hele proses het weer begin met agtien maande se rus.

Hierna is David na 'n dokter wat self hardloop. Dié het eenvoudig 'n soolsteun in sy skoen gesit, en siedaar! - sy knieë was reg.

Pyn aan die buitekant van die knie kan die gevolg van oorgebruik wees, maar word meer dikwels met plat tone en bakbene geassosieer. Dit staan bekend as iliotibiale bandpyn en word gereeld verkeerdelik as artritis gediagnoseer.

Dit is besonder seer en boonop moeilik om te genees. Rus vir vier of vyf dae, kry massering en/of kortisoon-inspuitings. Kry 'n tweede mening as jou dokter chirurgie aanbeveel.



Bl 23: Gerber loop ses jaar te laat




Frans Erasmus

# Groot kans vir Bokke van môre

TINUS HORN

TOYOTA se klubtoernooi is een van Suid-Afrikaanse rugby se vernaamste toonvensters. Spelers wat op die drumpel van groter erkenning staan, kry hier die kans om vroeg 'n indruk op die nasionale keurders te maak.

Robert du Preez, Eben Scheepers, Chris Badenhorst, Andrew Paterson en Tiaan Strauss is almal potensiële Springbokke. Goeie vertonings hier kan wondere verrig vir hul kanse om later vanjaar vir Suid-Afrika teen 'n wêreldspan te speel.

Cameron Oliver, wat juis verlede jaar by dié toernooi die Transvaalse keurders se oog gevang het, het sedertdien ongelooflik verbeter en word gereken as een van die grootste aanspraakmakers op die nommer 10-trui waarvan Naas Botha in die volgende jaar of twee sal moet afstand doen.

Sy vertonings hier kan sy reputasie vestig - of groot skade berokken.

In Suid-Afrika is daar ongelukkig deesdae die neiging om klubrugby af te skeep; provinsiale keurders bly maar by beproefde spelers en nuwe talent word nie werklik ontgin nie.

(Só het Transvaal, wat jare laas 'n slot van formaat opgelewer het, Adri Geldenhuys heeltemal misgekyk. Hy kon nie eers die Transvaalse B-span haal nie). Op dié toernooi tree daar elke jaar top-spelers na vore van wie niemand voorheen gehoor het nie.

Manne wat all lank goeie rugby speel, maar nog nie 'n gereelde plek in hul provinsiale spanne kon kry nie (of nie meer so hoog aangeskryf word as vroeër nie) kan ook hier wys waartoe hulle in staat is.

'n Mens dink hier aan Theo van Rensburg, Tjaart Marais, Gert Lindeque, Niekie van Blerk, Broodwa Oberholzer, Piet Pretorius, Johan Roberts, Sieg Human, John Plumtree, Kobus van der Merwe, Ernst Scriba en Piet Bester.

Daar is vanjaar net drie Springbokke in aksie en toevallig is twee van hulle loskop-voorrymanne - Frans Erasmus en Heinrich Rodgers. Die derde is Helgard Muller, wat die Groen en Goud as plaasvervanger vir Jaco Reinach verwerf het.

Rodgers het Erasmus verlede jaar gelig en laasgenoemde is slegs teruggeroep nadat twee vaskoppe, Jan Lock en Flip van der Merwe, beseer is.

Erasmus het verlede jaar 'n teleurstellende seisoen beleef het het ook nie juis in die Oostelike Provinsie se eerste twee wedstryde vanjaar na 'n speler van internasionale gehalte gelyk nie. Nou kry hy die kans om te wys sy beste dae is nog nie verby nie.

Dit gaan interessant wees om te sien hoe die voormalige Australiese toetshaker, Tom Lawton, in die span van Durban High School Old Boys vaar.

Hy is ten duurste "gekoop", maar kon nog nie vir John Allen uit die Natalspan lig nie.

## Wispelturige Kaapse weer het dalk die laaste sê

# Wie kan Bheki Mtolo klop?

HAZEL WOODWARD

CLAREMONT - Wie kan Bheki (Willi) Mtolo Saterdag klop?

Dít is die groot vraag aan die vooraand van die Twee Oseane-ultra, wat vanjaar vir die 21ste keer aangebied word.

Twee Oseane-koors koors loop hoog in die Kaap; 8509 hardlopers - 'n nuwe rekord - neem Saterdag deel. Byna driekwart van hulle is van buite die Westelike Provinsie.

Die Kaapse weer sal 'n groot rol in die uitslag speel. In April kan 'n mens enigiets verwag, van ysige winde tot onuitstaanbare hittegolwe.

Maar as die weer matig is, is daar 'n goeie kans dat Thomson Magawana se rekord van 3 uur, 3 min. 44 sek. in die slag sal bly, omdat daar 'n groot veld ywerige en goeie hardlopers is.

Mtolo moet die gunsteling wees. Hy is skitterend op dreef en dié afstand (56km) pas hom soos 'n handskoen.

Die volgende atlete sal waarkynlik in die top-tien eindig: Mark Page, Eloi de Oliviera, Phillemon Mogashane, Thompson Magawana, Attila Novacs, Ephraim Sibisi en Anton Nayabanyaba.

As Frith van der Merwe deelgeneem het, sou haar naam ook op dié lys verskyn het.

Die Randse Atletiekklub (RAC) sal waarskynlik die klubprys verower. Benewens Page het hy Albert Mhlahla, Wilson Netshisaulu, Ephraim Sekotlong, Mike Arnold, Dave Wright en Jean-Didier Oesch in sy geledere.

Dit is te betwyfel of Miltas Tshabala alles hier sal uithaal omdat hy sy oog op die Comrades het. Dit geld natuurlik ook vir Bruce Fordyce. Bruce en sy "bus" sal net mooi onder die vier uur inkom en as dié groepie jou verbysteek, is jou kanse op 'n silwer ook daarmee heen.

Onder die vroue sal Monica Drögemöller van Celtic waarskynlik wen.

Ander aanspraakmakers is Helen Lucre, Helene Joubert, Lindsey Weight, Libby Burrell, Sue Deetlefs, Jean Rayner, Juliana Lane, Karen Bums en miskien Hazel Hairs.

Maar die wedloop gaan nie net om die wenners nie. Al is die wenprys 'n stewige R5 000 én 'n nuwe motortjie, plus 'n verdere aansporing van R10 000 vir iemand wat die 3-uur-merk klop, is dié wedloop vir jan en alleman. Die klem is op deelname eerder as strawwe mededinging.

Die wedloop se roete strek oor die kuslyn waar die Indiese en Atlantiese Oseane byeenkom. Dit kan met reg as een van die mooiste dele van die Suid-Afrikaanse landskap bestempel word.

Almal wat al dié wedloop voltooi het, praat met groot ontsag van Constantia-nek, wat die atlete ná 42 km (die standaardmarathon-afstand) moet aandurf. Dit is 'n skrikwekkende opdraende wat oor 'n volle drie kilometer strek.

Net een atleet, Peter (PJ) Sullivan, het aan al twintig die vorige wedlope deelgeneem.

'n Hele aantal vorige wenners neem aan vanjaar se wedloop deel. Don Hartley van die gasheerklub het in 1972 en 1973 die Two Oceans gewen en vanjaar hard geoefen om te kwalifiseer.

Vincent Rakabaele, wat in 1976 en in 1979 gewen het, neem vanjaar deel as veteraan. In 1981 het dit gelyk asof hy vir die derde keer sou wen, maar hy het ongelukkig krampe opgedoen en is deur Johnny Halberstadt verbygesteek.

Halberstadt neem ook vanjaar as veteraan deel en niemand sal verbaas wees as hy die prys van 'n oorsese reis verower deur die rekord vir veterane te verbeter nie.

Swart atlete oorheers die Twee Osene sedert 1982. Siphiwe Gqele, wat in die vroeë jare tagtig drie agtereenvolgende wedlope gewen het, neem weer vanjaar deel.

Ephraim Sibisi hardloop ook en sal waarskynlik tussen die eerste tien hardlopers eindig. Hy het in 1986 gewen.

Verlede jaar se wenner, Johannes Thobejane, neem nie deel nie, maar 1988 se wenner, Magawana gaan wel daar wees. Laasgenoemde het in 1988 die roete-rekord opgestel.

Met die onoortreflike natuurskoon van die roete en aanloklikheid van die terrein, is dié wedloop vinnig besig om een van die gewildstes in ons land te word.

Skakel die kassie vroeg aan, want die wedloop word van half-sewe se kant tot twaalfuur gebeeldsaai. Dit gaan 'n skouspel soos min wees.

## Hardlopers help hongeres

CLAREMONT - As al die deelnemers aan Saterdag se Twee Oseane-ultra dié moordende wedloop oor 56km in die voorgeskrewe perk van ses uur voltooi, gaan Operasie Honger 8,5 ton vis van die borge, Irvin & Johnson, ontvang.

I & J het vanjaar onderneem om 1kg vis te skenk vir elke deelnemer wat betyds klaarmaak en meer as 8 500 padhardlopers tree Saterdagoggend hier by die beginpunt aan.

Charles Atkins, hoofbestuurder van I & J, sê die betrokkenheid van hardlopers by die skenking beteken dat 'n groot verskeidenheid mense, wat al die provinsies en gemeenskappe verteenwoordig, die geleentheid kry om hulle met 'n verdienstelike doel te identifiseer.

Hy het die hoop uitgespreek dat ander groot maatskappye I & J se voorbeeld sal volg. "As almal saamspan kan ons in die jare negentig 'n groot deurbraak maak in die stryd teen wanvoeding en kindersterftes."

Chet Sainsbury, voorsitter van die reëlingskomitee, het ook die stap verwelkom.

"Dit is iets besonders - meer as 8 000 mans en vroue kry die kans om mense aan die ander kant van die sosiale spektrum te help. Ek glo dat dit sterk aansporing vir die agterosse sal wees om 'n ekstra poging aan te wend om betyds klaar te maak. Deur hul toedoen kan 'n ekstra mond gevoed word."

Vrydag
onder redaksie van
ANDREA VINASSA

PERESTROIKA-PRENTE: VRYHEID OF MIDDELMATIGHEID?

*Altesame vier 'glasnost'-prente is te sien op die Standard Bank se Johannesburgse Internasionale Rolprentfees wat tot 26 April duur: Alexander Askoldov se 'The Commissar' wat in 1967 gemaak en verbied is, die Japanse regisseur Akira Kurosawa se 'Dersu Uzala' (1975), Mikhail Schweitzer se 'The Kreutzer Sonata' (1989) en Vasili Pichul se 'Little Vera' (1989) gee plaaslike rolprentgangers 'n oorsig van gebeurde in die Sowjet-rolprentbedryf. ANDREA VINASSA deel haar indrukke van glasnost en die movies*



*Natalia Negoda in 'Little Vera'*

# NOT QUITE EISENSTEIN

IN die dae voor glasnost - die woord beteken stem - moes Sowjet-regisseurs hul kritiek op hul stelsel uitbeeld deur middel van obskure surrealisme en verwikkelde allegorieë wat selfs die sensors nie kon verstaan nie. 'n Prent wat in die afgelope tyd van die rak af gehaal is, is Tenghiz Abuladze se epiese "Berou" (1983) (plaaslike onder die Engelse titel "Repentance" vertoon), wat handel oor die opgrawing van Stalinisme en verteenwoordig die konfrontasie tussen die Sowjet-gewete en sy problematiese verlede. Elem Klimov, nou die voorsitter van die Sowjet-unie se Rolprentvakbond, se aangrypende "Kom kyk" het die nazi's se inval van Rusland as metafoor gebruik vir Stalin se volksmoord. Selfs "Fouette", op die oog af 'n dansprent oor 'n ballerina wat oud word deur die Bolsjoi-choreograaf Vladimir Vasiliev het verwikkelde oëverblindery gebruik om uit te vaar teen 'n gebrek aan vryheid van spraak.

En nou is die rolprentbedryf die voorbok op die gebied van vryheid van spraak: probeer rolprentmakers vergoed vir die dae van verdrukking. Onderwerpe wat voorheen heeltemal taboe was, soos seks, alkoholisme, rock-musiek, boewery, kritiek op gesagsfigure, prostitusie, dwelmverslawing, tiener-rebelsheid, word nou aangepak. Die gedagte was, volgens 'n Sowjettydskrif, dat al het sulke negatiewe verskynsels bestaan, was hulle nie alomteenwoordig nie en moes dus onderdruk word.

Deesdae is byna alles oop en bloot, die radikale veranderinge wat by die onlangse Vyfde Kongres van die Vakbond vir Rolprentmakers aangebring is, word streng afgedwing.

Nie almal is so gelukkig soos die rolprentmakers oor die verwikkelinge nie. Die 26-jarige Wasili Pichul regisseur van die lokettreffer - in die Weste en in die Sowjet-unie - "Klein Vera" is kwaai oor die kole gehaal vir een sekstoneeltjie. (Dit wil voorkom of die Russe uiters konserwatief is... dit is vreemd om te dink dat mense so 'n bohaai kan maak oor 'n toneel wat nie juis eksplisiet is nie.)

"Klein Vera" is 'n "kitchen-sink"-analise van die generasie-gaping tussen Vera en haar kleindorpse ouers. Vera se pa is 'n tirranieke dronklap en haar ma 'n verdrukte fabriekwerker.

Dit is betekenisvol dat die prent in enige klein dorpie in Suid-Afrika of Amerika kon plaasgevind het. Die blote feit dat "Klein Vera" in Rusland gemaak is, is interessant, maar dit maak dit nie noodwendig 'n goeie prent nie.

As "Klein Vera" as 'n tipiese voorbeeld van die nuwe gees van "oopheid" aanvaar kan word, kan ons aanneem dat die blote uitbeelding van taboe-gebiede in die samelewing genoeg is vir die regisseurs. 'n Soort uitdagende dokumentêre realisme word nagestreef. Pichul gaan met pedantiese mening te werk wanneer hy die euwels van sy samelewing ontbloot... 'n mens kan so te sê die kool in die kombuis ruik, veral die growwe visuele tekstuur van die prent imponeer, maar op tegniese en stillistiese vlak laat die prent veel te wense oor.

Wat ons by die voor die hand liggende vraag uitbring: sal die jong regisseurs die bloeitydperk van die dekade na die revolusie op 'n stillistiese vlak kan laat herleef? Is vryheid noodwendig 'n waarborg van gehalte?

Die jong regisseurs is mos die afstammelinge van Sergei Eisenstein, VI Pudovkin en Alexander Dovzhenko. Hulle moes per slot van rekening nie vir die afgelope sewentig of wat jare in 'n kommersiële mark meeding nie, hulle is beskerm van Amerikaanse oppervlakkigheid, hulle is in staatsinstellings opgelei waar geld nooit 'n probleem was nie.

Die Sowjet-rolprentbedryf is tradisioneel die staat se belangrikste propaganda-werktuig. Lenin se legendariese stelling dat die rolprentwese 'n belangrike middel vir die verspreiding van die kommunistiese evangelie is en dat "daar aandag gegee moet word aan die oprigting van rolprentteaters in dorpies en in die Ooste waar hulle nuwighede is en waar ons propaganda veral welslae sal behaal", is vervang deur Stalin se idee dat "rolprente ons belangrikste middel tot massa-agitasie is".

Alexander Kamsjaloi, die voorsitter van die USSR Staatskomitee vir Kinematografie, het onlangs in 'n ope brief geskryf dat hy "nie beperkinge op kreatiwiteit gaan stel nie" of gaan "terugkeer na 'n burokratiese administrasie van die kunste nie."

Regisseurs beleef nou ongekende vryheid. Die vraag is of daar enige regisseurs is wat reg kan laat geskied daaraan.

Een van die land se voorste regisseurs, Elem Klimov meen, volgens 'n artikel geskryf deur Anna Kagarlitskaja van die Novosti-persagentskap, dat daar geen jong nuwe regisseurs in Rusland is nie.

"With the exception of separate names - there are gifted, talented, staunch people, and we look at them with hope - there is no young generation of filmmakers in the Soviet Union."

Klimov is die erkende leier van die Sowjet-

**Vervolg op bladsy 3**

# THE SIGNS OF STRUGGLE AND THE STRUGGLE FOR SIGNS



PERSONAL & POLITICAL GRAFFITTI BY CAPE TOWNS ANARCHISTS ... AND REACTIONARY AGENTS IN THE CULTURAL STRUGGLE

NICOLAAS VERGUNST

## Culture is like jam, the less you have the more you spread it around

**Unknown**

IN 1968 a student scrawled this existential epigram on a wall in Paris: God is alive, he just doesn't want to get involved.

In 1975 almost a decade later, another activist advanced this thesis by wittily writing on a wall in London: God is not dead. He's alive and working on a much less ambitious project.

In 1986, more recently, someone else wrote in Cape Town: God isn't dead, but living in exile.

What do we make of these three statements? How, if at all, are such examples of urban mural culture related?

On the one hand, it may appear that God has either pulled out or been pushed out of human affairs. Farewell faithful few, fringe freaks and faraway fraternity, adieu!

But on the other hand, such utterances may refer to the human condition in a wider political context, rather than to a divine being in a narrow theological sense.

Yet how are these statements related? What of their respective relevance to particular problems and concerns in societies? Are such forms of cultural expression, though reflective of specific social situations, divorced from events or experiences in other parts of the world?

Is student resistance during the late 1960's in France, dissidence within reactionary and liberal movements in the mid 1970's in England, or political protest during the State of Emergency in South Africa of the 1980's and 1990's a simple question of isolated struggles?

## Emerge and see

**Gardens**

The answer, even if there is only one, seems to be much more complicated. But how will we ever know?

For instance, does the graffito Hell Sucks, originally written on American GI helmets during the Vietnam War, refer to the war in Angola? Does Nuremberg cometh refer to post-war trials and tribulations of fascists in Southern Africa as with nazis in Western Europe after the Second World War?

Will we ever know for sure what motivation and association lies behind graffiti? Probably never. Graffiti is usually anonymously made, though publicly displayed. It is written by night to be read by day. If erased from public sight, it still endures in popular memory.

## Here today, gone tomorrow! But little time left to borrow

**Constantia**

Graffiti, unlike the newspaper's daily billboards, mediates messages that counter the 'consensus' news of the day. Those who can't (or choose not to) speak through TV or radio channels are addressing their audiences on public walls. What we may not (or prefer not to) read in the newspapers we see around us as graffiti. The nameless are not voiceless. For instance; We say no to apartheid!

## Why join the army when you can get stoned at home!

**Observatory**

Graffiti, very much like the Chinese wall newspapers, also informs and comments on events and experiences such as: women = 52% of population - oppressed by male domination and apartheid. Another is: Hospital (and all) racism is a sick practice! (following an official statement that the new building at Groote Schuur Hospital would segregate patients according to racial classification).

Or, responding to national elections:

Don't vote - end racist rule now. Observatory.

Vote now Pay later!. Oranjezicht.

If voting changed anything they'd make it illegal. Newlands.

Furthermore, mural messages mobilise mass unity. For example: Remember June 16 or Remember Trojan Horse killings Oct 85 or 1986 - the year of Umkhonto we Sizwe or Stayaway 1st May or Women unite for people's power - Aug 9. Then there are the regular salutations of political movements, congresses, alliance organisations and unions: Viva the women's struggle or Viva Sayco or Viva UDF or Viva Cosatu - Aluta Continua.

Certainly collective calls can be reflective of popular political positions on racism and sexism or exploitation and militarisation. What about calls for freedom? For instance: Free KAPDI - we need guns or for freedom - Dial AK 47 or Freedom (instead of power) through the barrel of a gun, man! (an adaption of Mao's truism on power by force).

## A nation that loves martyrdom cannot be enslaved!

**Observatory**

Or what about the sentiments behind these seasonal greetings? Detain Father Christmas, he isn't concerned or All I want for Christmas is a bazuka! or Celebrate this Xmas with a molotov cocktail or Have a black Christmas and a revolutionary New Year!

Are such utterances rendered in a personal capacity or with any political affiliation? Even so, there are many who seem to have little, if any, sense of accountability to political structures concerning policy or tactics: MP's burn nicely (necklace) or B.O.T.H.A. - burn out the head assassin or I've a headache!

In fact, it may well be that (for state security reasons) existing graffiti is subdued or subverted by reationary agents. The obscenely personal and the politically non-sensical have, of late, become more apparent. However, both sides can play the game - and there are no rules: Hang all ANC (later changed to AWB) scum with piano wire (a perverse reference to Mussolini's mutilated corpse by anti-fascist rioteers).

So statements are constantly erased or adapted/adjusted to suit an oppositional point of view: End Conscription Campaign became Every Coward's Choice which could change again to Each Comrade's Conscience.

Sometimes blatant and obvious or otherwise ambiguous and obscure - but with graffiti we can never be too sure. WH wrote: Dredd says girls are funny (based on the American sci-fi comic showing the exploits of Judge Dredd and his judiciary-cum-police rule. (A futuristic state where repression and murder without detention is the order of the day - or rather night!)

WHY JOIN THE ARMY WHEN YOU CAN GET STONED AT HOME!




## Dredd says girls are funny

**Gardens**

Besides the alterations, some graffiti gremlins even comment on their opposition's efforts: schmuck - be careful, it doesn't rhyme!

There are many other signs, specific to certain areas, that refer to past and present brotherhoods. The 'mob and gangster' war between these rival groups is reflected by territorial possession of sites for their graffiti: abbreviated signs appear all around. The first letters of the Impossible Ones or the Cape Town Scorpions on one wall, while the Mongrels, Sexy Boys or (amongst several others) the Young Americans write up their initials around the corner.

| IOS | CTS | MG | SB |
|---|---|---|---|
| Salt River | Woodstock | Hanover Park | Retreat |

Besides the overt political or 'criminal' opposition, there are also altruistic and alternative anarchistic aphorisms - drawn symbols appear alongside written axioms.


| WSA | RULES | SAVE |
|---|---|---|
| Vredehoek | Observatory | Salt River |

Cryptic and coded:

| BROTHERS UNIGHT | ~Δ9THC | PLANET EARTH |
|---|---|---|
| Gardens | Gardens | Tamboerskloof |

Interestingly, though drawn form the past, these symbols remain relevant.

Talking about the past, how's this for the future: You're living in the past (written up around a municipal park in an elite white residential area). Or this: Nostalgia isn't what it was in the past! As for the present:




**Vredehoek**

Some just get it right - or wrong? How about, Take a step in the right direction or Fight the right or Who's left? Right or left their techniques and methods have advanced. Today they are better equipped and more organised. Many artists use spray paint and cut-out stencils, while some employ 'squads' to do the job.

It is evident that private and personal platitudes in remote and obscure sites have been overtaken by the overtly political statements in more accessible public places - parking lots, traffic intersections, freeway bridges, shop corners, station toilets, bus stops or on subway and suburban walls.


Surely this is indicative of the repression and the resistance in our society? Specifically, the present press restrictions and the stringent control of the media by the State is combatted - besides other more structural forms of protest - by the proliferation of posters, banners, stickers, T-shirts and, of course, by graffiti itself.

Thus too graffiti has become a site of struggle, but it is also part of the struggle for signification. The national 'war on the walls' asserts appropriated perceptions of reality. As such, graffiti in Cape Town or elsewhere, reproduces and reinforces the ideological values, interests and practices exercised by or between, different and divided cultures.

PS: A Cape Town City Council spokesman, Mr Ted Doman, is reported (The Argus, Friday, December 18, 1987) to have said that the general public does not approve of graffiti. "However, the situation is that because we don't have vast amounts of staffers we do not go out looking for walls to repaint. We do however act on complaints."

Furthermore, a police liaison officer for the Western Cape Lieutenant Attie Laubscher, said it was normally "not the police's job" to remove graffiti, but members of the SAP did however ask the public to remove 'offensive and objectionable' slogans from their properties.

# Take Alice to Wonderland.



*A book voucher is only as good as the bookshop it comes from. Which means it's either a creative cul-de-sac for the recipient, or a marvellous journey of intrigue and discovery. As a gift for a friend, which would you choose? If it's the latter, may we suggest a book voucher from the Literary Group? It is, after all, redeemable from any of the five best bookshops in South Africa. So why give a book when you can give a whole bookshop?*

**EXCLUSIVE BOOKS, CAMPUS BOOKS, BOOKWORM, LOGAN'S & PILGRIM'S.**

## Give her a book voucher from The Literary Group.